

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 19, No. 4

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2019 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Dan kom skielike vernietiging

Dit is 'n algemene gesegde om te sê dat wanneer mens 'n padda in 'n pot water sit en die water stadig verhit, kan mens hom kook voordat hy besef hy moet uit die pot spring. Omdat ek dit nie self probeer het nie, kan ek nie bevestig hoe waar dit is nie, maar ek vermoed dat dit niks meer as 'n "ou vrou storie" is nie. Waarom ons ouer vrouens vir elke denkbeeldige storie blameer, weet ek nie. Dit tersyde gestel, kom ons keer terug na die padda.

Die les van die storie is nie hoe om 'n padda te kook nie, maar om te verduidelik dat wanneer verandering stadig plaasvind, ons gerus bly, salig onbewus van die onheil wat rondom ons plaasvind. Dit lyk asof dit deesdae die denkwys van die meeste mense is. Verandering vind plaas – dit weet ons. Baie mense pas egter aan by die verandering met gevoelens van lui, genoeglike warmte.

In *The Jungle Grows Back*, herinner die geskiedskrywer, Robert Kagan, ons aan 'n gedeelte uit Ernest Hemingway se *The Sun Also Rises*, waarin die groot drinker en veteraan Bill Gorton, vir die temperamentele dronkaard Mike Campbell vra hoe dit gebeur het dat hy bankrot geraak het. Campbell se welbekende antwoord is: "Geleidelik, toe skielik" (Kagan, bl. 143). Dit herinner ons aan die padda wat die verandering in sy pot te laat agterkom.

Kagan beweer dat die afgelope 75 jaar 'n afwyking van die geskiedenis was: "Die verhaal van menslike vooruitgang is egter 'n mite. Indien die vorige eeu ons enigiets geleer het, is dit dat wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang en die uitbreiding van kennis – terwyl dit ons lewens wesenlik materialisties verbeter, geen blywende verbetering in menslike gedrag tot gevolg gehad het nie" (bl. 5). Terwyl tegnologie tot by die maan en verder gevorder het, het menslike gedrag na Stalin, Hitler en Pol Pot "gevorder".

Wanneer hy opmerk dat daar geen *volkome* vrede was nie, skryf Kagan die *relatiewe* vrede wat die wêreld sedert die Tweede Wêreldoorlog beleef het, toe aan die ongewone omstandighede van die Verenigde State wat as 'n betreklik welwillende "wêreldpolisieman" opgetree het. Ten spyte van al die ooglopende foute glo Kagan dat die V.S. die groot magte van Europa en Asië in toom gehou het en hy gee krediet aan die nasie se vermoë om sodanige invloed in die unieke geografiese, politieke en ekonomiese omstandighede uit te oefen.

Kagan toon groot insig, maar hy sien nie in dat daar ook geestelike invloede aan die werk in ons wêreld is nie – goed sowel as sleg. Terwyl Kagan die mensdom se slegte neigings insien, erken hy nie dat God in die hemel die V.S. tot sy status van

supermoondheid opgehef het nie – nie as gevolg van enige soort nasionale “geregtigheid” nie, maar vir Sy oorheersende doel. U kan 'n vollediger verduideliking hiervan vind in ons hulpbron, *Wat Lê Voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* U kan 'n gratis eksemplaar van ons literatuur aanlyn of vanaf die streekkantoor die naaste aan u (op bladsy 2 van hierdie tydskrif) aanvra of u kan dit aanlyn lees by tomorrowworld.org of wvm.co.za.

Hou die oerwoud in toom

Die voormalige V.S. president, Franklin Roosevelt, het reeds in 1943, terwyl die Tweede Wêreldoorlog nog gewoed het, ingesien dat, indien Amerika weer na sy afsonderingsbeleid van 1930 sou terugkeer, die geskiedenis homself sal herhaal: “[As] die Verenigde State 'nie die slagande van die roofdiere van hierdie wêreld uittrek nie,’ sal hulle ‘vermenigvuldig en hulle mag sal toeneem’ en ‘sal ons weereens aan die keel beetkry binne 'n kort tydjie’” (Kagan, bl. 29).

Geskiedenis is 'n uitstekende leermeester. Roosevelt het voorsien wat versuim kan meebring en die geskiedskrywer Kagan herken hierdie versuim om te leer wat reg voor ons oë plaasvind. Hierdie verskynsel is reeds vooruit verduidelik deur 'n ander Bron. Die Bybel voorspel die opkoms van nasies wat die aard van wilde diere vertoon eerder as

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Dan kom skielike vernietiging

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Wil u dít werklik eet? 3

'n Antieke Bron van wysheid – wat ondersteun word deur die bevindings van die wetenskap en medisyne – sê dat dit nodig is om te dink oor ons gewoontes oor wat ons as “voedsel” beskou.

Dit wemel van die leuens ... 9

Is u gereed vir die volgende reuse sprong? 10

Die mens het 50 jaar gelede vir die eerste keer sy voete op die maan gesit. Dit was 'n merkwaardige prestasie maar wat is volgende? Wat is die volgende “groot sprong” vir die mensdom?

'n Andersoortige dapperheid 16

Die samelewing verander en om standpunt in te neem oor iets wat jy weet verkeerd is verg besondere dapperheid. Is u gereed om alles prys te gee?

Londen Roep Ek is Ashurbanipal! 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Gekruide taal 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Peter Nathan (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

Box 111, Berkeley Square

London, W1J 5FJ

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

Wil u dít werklik eet?

Deur Douglas S. Winnail

Vir baie mense is die dieetwette in Levitikus van die Bybel se raaiselagtigste instruksies. Hierdie Wette het vir duisende jare diegene wat dit volg, afgesonder van die algemene wêreld en was as gevolg hiervan die oorsaak van twispunt. Waarom het God mense verbied om sekere kossoorte te eet? Behoort u vandag nog dieselfde instruksies te volg?

Deur die eeue heen het kritici die Levitiese dieetriglyne as debatteerbaar en irrasioneel beskou, met die oorsprong in primitiewe bygelowe eerder as om van God af te kom. Tog beskou baie ander mense – veral diegene wat die voordele van daardie Wette self ervaar – dit as wys en redelik, soos 'n mens sou verwag van Wette wat deur God gegee is.

Wat die lasteraars ookal mag beweer, God het aangekondig dat Sy Wette vir ons eie beswil is om ons lewens te verleng (Deuteronómium 5:29, 33; 10:13). Sy dieetvoorskrifte was nie debatteerbaar nie; die doel was om tot ons voordeel te strek. Indien dit so is, waarom sou God later die Nuwe-Testamentiese Skrifte inspireer wat dit sogenaamd afskaf? Sou 'n alwyse Skepper Homself weerspreek?

Indien u al ooit oor sulke vrae nagedink het, behoort u die onderwerp te ondersoek om self

vas te stel wat die waarheid is. Die Almagtige God daag u uit “Beproof alle dinge; behou die goeie” (1 Thessalonicense 5:21). Die antwoorde kan u lewe verander en u gesondheid bevoordeel!

Die Bybel openbaar verskeie belangrike redes vir sy dieetwette. In Exodus leer ons dat God die volk Israel vir 'n *spesiale doel* gekies het (Exodus 19:5-6). God het die dieetwette ontwerp om die Israeliete van ander nasies te onderskei, maar waarom? God het aan Moses gesê: “Ek is die HERE julle God wat julle van die volke afgesonder het. Daarom moet julle 'n onderskeid maak tussen die rein en onrein diere ... En julle moet vir My heilig wees, want Ek, die HERE, is heilig; en Ek het julle van die volke afgesonder om myne te wees” (Levitikus 20:24-26). God het Israel gekies om 'n *model-nasie* te word – 'n lig en voorbeeld vir die wêreld van wat reg en verkeerd, heilig en onheilig is (Deuteronómium 4:6-8).

God het dit gedeeltelik gedoen sodat ander volke die uitwerking van Sy Wette kon sien en Hom vir die wonderlike voordele van Sy regverdige weë kon soek. “My seun, vergeet my onderwysing nie, en laat jou hart my gebooie bewaar; want dit sal *lengte van dae en jare van lewe en vrede vir jou vermeerder*” (Spreuke 3:1-2). *Vermeerderde*

langslewendheid en verbeterde gesondheid sal net twee van die voordele wees van om die voorbeeld van Israel te volg (Deuteronómium 4:40; 7:12-15)!

God het ook met die dieetwette beoog om wyse en doeltreffende benutting van die omgewing te bevorder. Die voorskrifte oor “rein” en “onrein” voedsel is belangrik in die vervulling van God se opdrag dat die mens die aarde sal “bewerk en bewaak” (Génesis 1:28; 2:15). Om hierdie Wette ten volle te verstaan, moet ons dit in die konteks sien van God se doel vir die hele mensdom.

Bly op die gras!

Levitikus 11 en Deuteronómium 14 bevat die meeste van die Bybelse dieetwette. Dit gee spesifieke inligting wat in eenvoudige beginsels opgesom word. Soos een kommentator opgemerk het: “Hierdie was praktiese Wette wat God in Sy wysheid aan 'n volk gegee het wat nie die rede om voorsorg te tref kon verstaan nie” (*The Expositor's Bible Commentary*, 1990, vol. 2, bl. 569). Vandag openbaar die moderne wetenskap egter hoe prakties en belangrik hierdie Wette werklik is.

In Levitikus 11:1-3 lees ons: “Dit is die diere wat julle mag eet van al die viervoetige diere wat op die aarde is ... Alles wat onder die diere gesplitste kloue het, en

wel heeltemal gesplitste kloue, en herkou – dit mag julle eet.” Dit beskryf plantvretende soogdiere (herbivore) wat gesplete hoewe en gespesialiseerde spysverteringskanale het, wat as *herkouers* geklassifiseer word.

Herkouers het vierkamerpense wat grasse wat oneetbaar vir mense en ander diere is, omskep in voedsame proteïenprodukte – vleis en melk. Voorbeelde van sulke rein diere sluit beeste, skape, bokke, takbokke, buffels, elande, gemsbokke, wildsbokke, kariboe en kameelperde in. Dit is almal vreters wat op grasse en ander plante wei.

Hierdie riglyne maak die bestuur van die omgewing sinvol. Uitgestrekte terreine en grasvlaktes dek groot dele van die wêreld en word dikwels *marginale lande* genoem omdat die lae reënval nie geskik is vir akkerbou soos koring of mielies nie. “Herkouers het gedien en sal voortgaan om 'n waardevolle rol te speel in volhoubare landboustelsels. Hulle is veral nuttig om groot herwinbare bronne van landerye, weiveld en oorblyfsels van oeste of ander neweprodukte oor te skakel na voedsel wat vir mense eetbaar is. Met herkouers word land wat te arm is of wat te veel erosie het om te bewerk, produktief benut” (J.L. Beckett en J.W. Oltjen, “Role of ruminant livestock in sustainable agricultural systems,” *Journal of Animal Science*, vol. 74, nr. 6, 1996, bl. 1406). Diere wat gras vreet produseer ook vleis met 'n laer vetinhoud as diere wat graan

vreet – wat welbekende voordele vir gesondheid inhou. Om vleisdiere op gras en ander plante aan te hou, is ook goedkoper.

God het hierdie “rein” diere ontwerp om voedsame kos op 'n ekonomiese en ekologies-gesonde wyse te produseer. Dit was voordele wat Hy wou hê dat Sy model-nasie aan die wêreld sou toon en Hy het hierdie riglyne aan Israel gegee lank voor die wetenskap van ekologie, ekonomie en voeding ontstaan het.

Die dieetwette *verbied* ook om logiese redes, die eet van vleisvretende diere. God het rein diere geskep om kos en neweprodukte vir menslike gebruik te verskaf. Hy het diere wat nie geskik vir menslike verbruik is nie vir *ander doeleindes geskep*. Karnivore as roofdiere, speel 'n belangrike rol in die uitdunning van ander diere-bevolkings. Wolwe en bergleeus byvoorbeeld, wat op wildsbokke jag maak, beheer die groei en gesondheid van byvoorbeeld troppe bokke deurdat hulle ou, siek of swak diere verwyder. Dit is een rede waarom ons nie vleisvreters eet nie; hulle mag dalk siek diere eet en so siektes op hierdie wyse aan mense oordra.

Hou maar die spek

Die Bybel noem spesifiek dat varke *onrein* is – met ander woorde nie geskik vir menslike voedselgebruik nie (Levítikus 11:7-8; Deuteronómium 14:8). Terwyl sommige teoloë nie verstaan waarom God teen

varkvleis sou diskrimineer nie, vind ander mense baie logiese redes wat verband hou met ekologie, ekonomie, voeding en openbare gesondheid.

In die wildernis is varke dikwels nagdiere wat wortels uitgrawe vir kos. Hulle nagtelike vreetgewoontes was veronderstel om hulle van mense af weg te hou. Mense het egter vir eeue lank huishoudelike varke gebruik as aasvreters rondom nedersettings. Om 'n omnivoor in die nabyheid te hê, wat vinnig kan gewig optel deur enige soort gemors, aas of vullis te vreet en later vir voedsel geslag kan word – het gelyk na 'n goeie reëling vir baie samelewings. Is dit regtig so?

Vandag is “mielie en sojaboon gewasse goeie nuus vir varkprodusente, aangesien hierdie twee grane die hoofbestanddele in varkkos is”. (Kevin Schulz, “Goedkoop mielies, sojabone voorsien goed in die vark se behoeftes”, *NationalHogFarmer.com*, 2016). Hoewel nie-herkouers met spysverteringskanale soortgelyk aan dié van mense is, kan varke egter nie op grasse oorleef nie. Dit maak hulle *ekologiese mededingers* van die mens deurdat hulle grane soos koring, mielies en gars vreet. In Amerika voer boere sowat 20% van mielies wat geoes is aan varke. Dit is 'n onverstandige gebruik van hulpbronne, aangesien die wêreld se bevolking steeds druk uitoefen op ons vermoë om voedsel te produseer. Dit is nog 'n moontlike rede waarom God nie

wil hê dat ons varke sal eet nie: Moontlik het Hy voorsien dat groot troppe varke kosbare graan uit die monde van arm mense sou neem!

Die wurms gaan uit!

Een van die ergste siektes wat varke en ander onrein diere oordra, is *trichinose* [vark masels]. Dit is 'n klein parasitiese ronde wurm wat die spierweefsel van diere en mense besmet (Richard Pearson, MD, “*Trichinosis*,” *MerckManuals.com*, 2018). Ons behoort egter daarop te let dat baie vleisvreters en omnivore die parasiet *Trichinella spiralis* dra en “infeksies kan die gevolg wees van wanneer varkveis ... wildevarke, beer of walrus” geëet word (ibid.). Die lys kan ook eekhorings, rotte, katte, honde, konyne, jakkalse, perde en mariene soogdiere insluit (Eugene Nester et al., *Microbiology*, 1995, bl. 768; “*Trichinosis-Fact Sheet*,” *Connecticut State Department of Public Health*, 2019). Dit is nie per ongeluk of toevallig dat God se goddelike dieetwette die gebruik van hierdie diere as voedsel verbied nie.

Lintwurms is nog 'n ernstige gesondheidsprobleem wat kan voortspruit uit die eet van varkveis. Met verwysing na die vark-lintwurm-siekte, word die “hoogste voorkomssyfer in lande gesien waar varkveis 'n groot deel van die dieet uitmaak, soos Mexiko, Latyns-Amerika, Spanje, Portugal, Afrika, Indië, Suidoos-Asië en China”. (Ellen

Jo Baron et al., *Medical Microbiology*, 1994, bl.887).

Alhoewel die advies om die vleis voldoende te kook dikwels gegee word om parasitiese infeksies van varkveis en ander onrein diere te vermy, is die *effektiefste* manier om hierdie siektes te vermy, om nie *onrein diere te eet nie!* God het 3,500 jaar gelede vir Moses en die Israeliete volgens hierdie wysheid *onderrig*. Indien mense vandag die Bybelse dieetkode sou toepas, kan die *wêreldwye las van parasitiese siektes* binne 'n generasie dramaties afneem!

Moenie die skoonmaakspan eet nie

Die volgende belangrike stel goddelike dieetinstruksies het betrekking op waterdiere. “Dit mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het in die water, in die seë en in die riviere dit mag julle eet. Alles wat geen vinne of skubbe in die water het nie 'n gruwel is dit vir julle” (Levítikus 11:9, 12).

Daar is talle en soms sonderlinge redes vir hierdie riglyne gegee. Terwyl sommige Bybelgeleerdes erken dat die eet van onrein organismes skadelik kan wees, stel ander mense voor dat organismes sonder vinne en skubbe net te afskuwelik was om te eet, bloot omdat dit soos slange gelyk het. Wetenskaplike ontdekkings openbaar egter die gedetailleerde wysheid en voordele van God se duidelike instruksies oor geskikte voedsel.

Bybelse “rein” visse swem oor die algemeen vryelik in watermassas rond. Die meeste “onrein” visse is óf *bodem-bewoners* óf aasvreters. Die Bybelse riglyne beskerm ons teen die inname van visse waarvan die liggame giftige stowwe produseer. 'n Oorlewingshandleiding van die V.S. se weermag sê: “Die meeste giftige visse het baie soortgelyke fisiese eienskappe. Oor die algemeen is hulle vreemd gevorm – boksvormig of amper rond en hulle het 'n harde vel (dikwels met beenagtige skubbe of stekels bedek), klein bekkies, klein kieuë en klein of geen buikvinne” (John Boswell, *U.S. Armed Forces Survival Guide*, 2007, bl. 244). Baie seediere wat as giftig beskou word, het nie ware skubbe nie (Roger Caras, *Venomous Animals of the World*, 1974, bl. 103).

Bybelse riglyne toon aan mense die veiligste soorte vis om te eet. Dit is selfs nodig om rein vis deeglik te kook. Rou of halfgaar vis kan verskeie soorte parasitiese lintwurms en slakke oordra (Jacquelyn en Laura Black, *Microbiology*, 1993, bl. 624).

'n Ander doel

Bybelse dieetwette verbied ook die eet van skulpvis, wat beide nie vinne en skubbe het nie. Waarom word krewes, krappe, varswaterkreef en garnale verbied? Dit word in groot dele van die wêreld as lekkernye beskou. Die antwoord lê daarin dat ons moet verstaan waarom

God hierdie wesens ontwerp en geskape het en watter natuurlike rol hulle in die natuur moet vervul.

Krewe “is seediere en bodembewoners en die meeste van hulle is nagdiere. Krewe aas vir dooie diere, maar vreet ook lewende vis, klein weekdiertjies en ander ongewerwelde diertjies sowel as seewier” (“Lobster,” *Encyclopaedia Britannica*, 2018).

Krappe is aasvreters wat amper enigiets vreet – veral dooie vis. Gewone garnale leef bedags in die modder of sanderige bodems van baaie en riviermondings regoor die wêreld. In die nag dien hulle as roof-aasvreters en is hulle “bodembewoners wat dooie en verrottende organiese materiaal vreet” (Keith Banister en Andrew Cambell, *The Encyclopedia of Aquatic Life*, 1988, bl. 235).

God het hierdie organismes geskep om die “skoonmaakspan” van mere, riviere, strande, baaie en oseane te wees. Hy *het nie beoog* dat mense dit eet nie. Dit is ook waarom die gebruik om rou, gepekeld of gekookte krappe, kreef, slakke of garnale te eet, mense blootstel aan parasitiese infeksies soos lewerslakke wat tot 80% van sommige landelike bevolkings in Suidoos-Asië besmet (Black, *Microbiology*, bl. 624).

Gevaar van die halwe skulp

Waarom het God gapermossels, oesters, mossels en kammossels gemaak, maar hulle as ongeskik vir menslike gebruik verklaar? Hierdie diertjies vervul

gespesialiseerde rolle in mere, strome en kusgebiede. As stilstaande filtervoedende diertjies, “grawe hulle in modderige neerslae op dieptes van 10 tot meer as 7,000 meter (33 tot 23,000 voet) en verteer mikroorganismes asook los organiese materiaal (detritus)” (“Mollusk,” *Encyclopaedia Britannica*, 2019). Filtervoedende organismes is die “stofsuiers” vir waterryke gebiede, wat die water reinig.

Sodra 'n mens verstaan waarom God skulpvis geskep het, behoort die rede waarom hulle *onrein* is, voor die hand liggend te wees. Indien 'n mens nie die inhoud van 'n stofsuikersak, kaggelfilter of septiese tenk wil eet nie, sal mens ook nie skulpvis wil eet nie! “Skulpvis gaar bakterieë op namate hulle verskeie liter water per uur filtreer. Menslike inname van hierdie seekosse (ongekook of onvoldoende gekook) kan tifuskoors of ander salmonella-infeksies veroorsaak” (J.P. Cabral, “Water Microbiology, Bacterial Pathogens and Water”, *International Journal of Environmental Research and Public Health*, vol. 7, nr. 10, 2010, bl. 3657-3703).

Hoe ernstig is die bedreiging van siekte? Die V.S. voedsel- en dwelminstranasie rapporteer dat “weekdiere – oesters, gapermossels, mossels en kammossels – jaarliks meer as 100,000 siektes veroorsaak” (“Food Safety: Federal Oversight of Shellfish Safety Needs Improvement,” *GAO-01-072*, 9 Julie 2001, bl. 1). Uitbrake van

cholera, tifuskoors, hepatitis A, Norwalk-virus, salmonella en parasitiese skulpvisvergiftiging is net 'n paar van die gesondheidsprobleme wat dikwels verband hou met die eet van hierdie weekdiere. Gesondheidskundiges, soos dié by die Mayo Clinic, beveel gewoonlik aan dat mense met verlaagde of swak immuunstelsels, veral swanger vroue, “ongekookte vis en skulpvis behoort te vermy” (“Pregnancy and fish: What is safe to eat?,” *MayoClinic.com*, 17 Junie 2016). Persone wat hierdie Bybelse dieetwette verstaan en volg, sal al hierdie probleme outomaties en nog meer vermy!

Van voëls tot goggas

Die laaste groepe organismes wat deur die Bybelse voorskrifte gedek word, is voëls, insekte en reptiele. Die meeste van die voëls wat uitgesluit is, is óf roofvoëls óf aasvreters soos aasvoëls en seemeeue (Levítikus 11:13-19). Roofvoëls is belangrik vir die beheer van verskillende dierebevolkings. Deur vleis en bloed van hulle prooi te verorber, maak van hierdie voëls potensiële draers van siektes. Visvretende roofvoëls is ook geneig om hoë vlakke van giftige chemikalieë in hulle liggame op te bou.

Reptiele is ook een van die soorte diere wat as onrein beskou word (Levítikus 11:29-30; 42-43). Wat insekte betref, mag slegs dié geëet word wat aan die sprinkaanfamilie behoort en wat lank reeds 'n gunsteling voedselbron in die

Midde-Ooste is (vgl. verse 21-23).

Dieetwette afgeskaf?

Die Bybelse dieetwette is eenvoudig, rasioneel, prakties en wys. Lank voordat die mens die besonderhede van mikro-organismes, parasiete of wêreldwye ekologie geken het, het God kragtige beginsels bekend gemaak wat die omgewing sou beskerm, veilige en gesonde voedsel sou voorsien en die verspreiding van siektes onder diegene sou voorkom wat hierdie instruksies volg.

Baie skrywers en ander bronne het die doel en voordele van hierdie riglyne erken. Kenners het opgemerk dat “dit duidelik is dat die meeste van hierdie wette 'n bydrae lewer tot higiëne en openbare gesondheid” en “die Wette is wonderlik deur God ontwerp vir die algemene gesondheid van die nasie” (*The Expositor's Bible Commentary*, bl. 529, 569)

Indien hierdie Wette dan egter so logies en voordelig is, waar het die idee ontstaan dat dit afgeskaf is en waarom beweer sommige mense dat die Bybel hierdie idee ondersteun? Ons vind die antwoord in *interpretasies* wat mense verkeerdlik *inlees* in Skrifture wat in Markus 7 en Handeling 10 voorkom. Bestudering van die “bewyse” is leersaam.

In Markus 7 vra die Fariseërs vir Jesus waarom Sy dissipels eet sonder om hulle hande te was volgens die Fariseërs se tradisies. Christus

beskuldig die Fariseërs van geveinsdheid (verse 5-13), maar baie mense verstaan dit wat daarop volg verkeerd. Dit is belangrik om te besef dat sommige Bybelvertalings hulle eie woorde by Markus 7:19 voeg, woorde wat Jesus nie gespreek het nie en wat nie in die Griekse teks voorkom en wat verkeerdlik te kenne gee dat Jesus met die dieetwette weggedoen het. Christus se punt was dat die inname van besoedelde gemors 'n mens *nie geestelik* verontreinig nie, aangesien dit nie die “hart” binnegaan om so gesindhede te beïnvloed *nie*. Die gemors gaan deur die spysverteringskanaal en word uitgeskei. Hierdie hoofstuk bespreek nie dieetwette nie en ook nie Matthéüs 15:10-20 nie, wat dieselfde gebeurtenis beskryf. Lees hierdie skrifgedeeltes in 'n paar verskillende vertalings en u sal dit kan insien.

God het aan Petrus 'n visioen gegee, soos dit in Handeling 10 beskryf word, om hom te help om God se planne vir die groei van die Kerk te verstaan. Petrus het 'n groep onrein diere gesien en is drie maal aangesê om dit te eet. Elke keer het hy *botweg geweier* omdat hy geglo het dit is *verkeerd* (verse 13-16). Hou nou in gedagte, in Markus 7 was dit juis dié Petrus wat gehoor het dat Jesus kwansuis die dieetwette sou afgeskaf het. Die Petrus wat deur Christus vir drie-en-'n-half jaar opgelei is – was tog nog duidelik onder die indruk

dat om onrein vleis te eet, *verkeerd* is! Hy was verward oor die betekenis van die visioen (Handeling 10:17) totdat drie heidense mans hom besoek het met 'n versoek dat hy die Evangelie aan hulle moes verduidelik (verse 21-27). Normaalweg sou Petrus nie met mans van buite die verbondsgemeenskap geassosieer het nie, omdat die Jode die heidene as onrein beskou het.

Nadat Petrus hierdie raaisel uitgepluis het, het hy tot die slotsom gekom: “God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie” (Handeling 10:28). Hy het God se ware bedoeling gesnap. Christene moes die Evangelie aan die heidene verkondig wat op gelyke voet met die Christene van Joodse afkoms by die Kerk kon aansluit. Petrus het nie in hierdie hoofstuk of enige ander plek in die Nuwe Testament tot die gevolgtrekking gekom dat God wou hê dat die dieetwette afgeskaf moes word nie. Die sogenaamde bewyse is *eenvoudig nie daar* nie! Nie Jesus Christus of Petrus het hierdie Godgegewe riglyne afgeskaf nie.

Bymotiewe?

Indien die getuienis dat Christus en die Apostels die dieetwette afgeskaf het, so swak is – eintlik nie eers bestaan nie – waar het hierdie idee ontstaan? Die leidrade vind ons in die maatskaplike, politieke en godsdienstige faktore wat kerkleerstellings van die tweede

eeu n.C. beïnvloed het.

Alhoewel die vernietiging van die Tweede Tempel in 70 n.C. – minder as 40 jaar na Christus se dood en opstanding – 'n einde gemaak het aan baie lang beoefende Joodse gebruike en godsdienstige beperkings wat lank reeds in gebruik was, het Christus se vroegste dissipels steeds Wette en praktyke gehou wat hulle Verlosser onderhou het en hulle beskou het as tydlose leerstellings van die Bybel (vgl Lukas 4:16; Edward Gibbon, *Decline and Fall of the Roman Empire*, 1952, bl. 129-131). Namate meer heidene egter in die Kerk ingekom het, het Christene 'n stryd begin teen sterk anti-Joodse gesindhede wat destyds in die Romeinse Ryk ingesypel het. As gevolg van die aanvalle en bespotting van die Joodse gebruike deur Latynse en Griekse skrywers, het “baie Christene hulle bande met Judaïsme verbreek”. (Samuele Bacchiocchi, *From Sabbath to Sunday 1977*, bl. 185).

Baie belydende Christene het probeer om hulleself radikaal te distansieer van enigiets wat Joods gelyk het. Hulle wou so veel as moontlik verskillend en afgesonder van die Jode voorkom. In hulle pogings om 'n nuwe identiteit te skep, het hulle begin met die instel van nuwe gebruike – baie daarvan is aan die omliggende heidense kultuur

ontleen – om die oorspronklike Bybelse sogenaamde “Joodse” gebruike te vervang (Will Durant, *Caesar and Christ*, 1944, bl. 595). Voorbeelde hiervan sluit in die vervanging van die Sabbat met Sondag, die Bybelse heilige dae met heidense vakansiedae en God se dieetwette met plaaslike voedselvoorkeure.

Van hier tot in ewigheid

Een van die hartseer gevolge van die mens se algemene verwerping van God se dieetwette, is dat miljoene mense gelyk het en aan siektes gesterf het wat hulle opgedoen het deur te eet van wat God nooit vir voedsel bedoel het nie.

Die Bybel verklaar dat Satan die hele wêreld mislei (Openbaring 12:9). Hierdie misleiding het die oortuiging ingesluit dat teologiese, rasonale en voordelige opdragte oor dieet wat God aan Israel gegee het, sodat dit 'n model-nasie vir die res van die wêreld kon wees, nie meer geldig is nie.

Hierdie situasie sal egter binnekort verander. Wanneer Jesus Christus weer kom, sal daar 'n “herstel van alle dinge” wees (Handelinge 3:20-21), met inbegrip van die dieetwette wat in die Bybel voorkom. Profesieë in Jesaja 65:1-10 en 66:15-20 openbaar dat die mens se Verlosser wanbegrippe sal regstel, dat Hy of enigiemand

anders hierdie voordelige Wette sou afgeskaf het. Alle mense sal dan leer waarom God Sy Wette ingestel het en die voordele daaraan verbonde kan ervaar deur in harmonie met hierdie Goddelik geïnspireerde beginsels te leef (Jesaja 2:2-3). Die Bybel dui daarop dat wanneer hierdie herstel plaasvind, dit sal voortduur solank as wat God se Koninkryk sal bestaan – vir ewig (Jesaja 9:6-7)!

Die goeie nuus is dat u nie hoef te wag vir Jesus se Wederkoms om die instruksies van u Skepper te begin volg nie. U kan vandag begin en u behoort ook! Individue wie se verstand deur God ooggemaak word vir die werklike betekenis van die Skrif, kan nou reeds baat vind en sal binnekort die geleentheid kry om hierdie lewensnoodsaaklike beginsels met die hele mensdom te deel (Jesaja 30:20-21)

Diegene wat 'n basiese kennis van die toepassings en voordele van God se lewenswyse ontwikkel het, sal saam met Jesus Christus in die Koninkryk van God op hierdie aarde regeer (Openbaring 11:15; Daniël 2:44; 7:27). Die dieetwette is deel van God se plan vir welsyn. Dit is vandag nog van toepassing en dit sál fundamenteel wees vir 'n gesonde lewenswyse in die wêreld van môre. **WvM**

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org**

Dit wemel van die leuens ...

Deur J Davy Crockett III

Is eerlikheid die beste gedragskode?

Vandag is die waarheid moeilik te vinde wanneer opponerende politieke partye oor en weer skerp aantygings teen mekaar uiter soos “Leuens! Alles leuens!” Met elke nuwe opruiende aantying en teen-aanklag kondig die gewilde nuusmedia aan: “Nuuswaardig!” Gerespekteerde staatsagentskappe ontslaan senior amptenare omdat hulle hul reputasies skend en hulle geloofwaardigheid skade berokken.

Plaaslik was daar in state en munisipaliteite talle verkose amptenare wat skuldig bevind is aan etiese oortredings. Meined – leuens onder eed – is 'n ernstige misdaad wat baie amptenare in vertrouensposisies tot 'n val gebring het. In die akademie pleeg studente, onderwysers en administrateurs bedrog. Hulle hanteer uitgawes op 'n bedrieglike wyse en hou hulle besig met werwingsbedrog *ad nauseam [tot walgens toe]*.

Eerlikheid is *nie* net die “beste gedragskode” nie – dit is die *enigste* wat op die lang duur werk! Leuens, halwe waarhede, insinuasies en skinderpraatjies ruïneer individue, gesinne, besighede en selfs lande as geheel. Met ontsteltenis sien ons dit regoor die wêreld gebeur. Waarom?

Dit is duidelik dat die gebrek aan basiese morele onderrig – tuis en op alle vlakke van opvoeding – 'n oes van immorele dorings en distels oplewer en nie die gesonde vrug van eerlikheid en integriteit nie.

Daar is egter 'n ander bron van dikwels onherkenbare valsheid. U mag verbaas wees oor die gebrek aan eerlikheid en integriteit wat in die hoofstroom Christelike geloof verweef is. Die meeste groot denominasies en wêreldwye belydende Christe-

like organisasies verkondig dat Jesus Christus die Tien Gebooe wat God op Sinai gegee het, vervang of afgeskaf het en dat Christene doodeenvoudig onder geen verpligting staan om dit te gehoorsaam nie. Baie van hierdie mense erken dat daardie gebooe gesonde morele “beginsels” is, maar nie 'n vaste en definitiewe basis vir Christelike gedrag nie.

Voorbeelde van hierdie afwyking van Bybelse onderrig is volop. Die vierde Gebod sê: “Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig” (Exodus 20:8). Volgens die Skrif behoort die Sabbat onderhou te word vanaf Vrydag sonder tot Saterdag sonder. Tog beskou die grootste deel van die hoofstroom-Christendom Sondag as die dag van aanbidding. Net so, hoewel die tweede Gebod die gebruik van afgode verbied om God te verteenwoordig, ignoreer baie kerke regoor die wêreld dit en vertoon hulle prente, beelde, ikone of aandenkings as deel van hulle aanbidding.

Die tradisies van mense

Terwyl die ou Israeliete hulleself voorberei het om die Beloofde Land binne te gaan, het God hulle gewaarsku: “[N]eem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrikt word nadat hulle voor jou uit verdolg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie ... Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie” (Deuteronomium 12:30-32). Deur die eeue heen het heidense tradisies soos dié van Kersfees, Paasfees, Halloween en Valentynsdag geleidelik in die

praktyke van die meeste hoofstroom Christene en hulle kerke ingesypel. Hierdie kerke het selfs geleidelik die Heilige Dae laat vaar wat God in Levitikus 23 werklik beveel het om te onderhou.

Die apostel Johannes het dit baie duidelik gemaak: “En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooe bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooe nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie” (1 Johannes 2:3-4). Hierdie uitspraak stem goed ooreen met Jesus Christus se opdrag in Johannes 14:15: “As julle My liefhet, bewaar my gebooe.” Aan die dissipels het Hy gesê: “As julle my gebooe bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooe van my Vader bewaar en in sy liefde bly” (Johannes 15:10).

Op openbare pleine en in kerkgeboue ontbreek die waarheid dikwels. Party-ideologie het ware besorgdheid vir die wat deur hulle regeer word vervang. Mensgemaakte godsdienstige tradisies het Bybelse waarhede vervang.

'n Mens kan nie die politieke disfunksie of die ingeburgerde godsdienstige instellings hervorm nie, maar u kan doen soos Filippense 2:12 sê: “... werk julle eie heil uit met vrees en bewing”. Hoe pak mens hierdie diepgaande lewensverandering aan? Deur die waarhede aan te neem wat ander mense verwerp.

Deur gehoorsaamheid aan God se Waarheid 'n prioriteit te maak, kan u bevry word van die leuens en misleiding wat hierdie tydperk oorheers, want “julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak” (Johannes 8:32). **W&M**

Is u gereed vir die volgende reuse sprong?

Deur Richard F. Ames

Vyftig jaar gelede het mense vir die eerste keer in die geskiedenis hulle voete op 'n ander wêreld geplaas. Die V.S. het 'n ambisieuse doel bereik. Waarheen gaan ons daarna? Idees en ambisies is volop.

“That's one small step for [a] man, one giant leap for mankind”. Op 20 Julie 1969 om 9:56 nm Oos-Daglig-Tyd het die Apollo 11 ruimtevaarder, Neil Armstrong daardie bekende en dikwels aangehaalde frase uitgespreek, toe hy sy eerste spore op die maanoppervlakte getrap het. Ná 'n angswekkende daling – byna 'n ramp – in 'n landingstuig met 'n byna leë brandstoftank, het Armstrong die eerste mens geword om voete op die maan te sit. Sy mede-ruimtevaarder Edwin “Buzz” Aldrin het 20 minute later buite hulle ruimtetuig by hom aangesluit. Na net minder as twee ure se verkenning van die maanoppervlakte, het Aldrin na die maanmodule teruggekeer. Hy is kort daarna deur Armstrong gevolg en hulle het in minder as 'n dag opgestyg om weer by bemanningslid Michael Collins in die Apollo 11 bevelmodule aan te sluit.

Vanaf die oomblik dat Armstrong gepraat het, kon luisteraars nie saamstem of hy die “n” wat hy in daardie bondige sin bedoel het, uitgespreek het nie. Min mense betwis dit egter dat Armstrong se klein treetjie 'n belangrike mylpaal was. Wat het egter van die mensdom se reuse

sprong geword?

Sien die aarde, bereik die maan

In 1975 het die skrywer Norman Cousins die beroemde woorde aan die V.S. kongres gerig: “Wat die belangrikste van die maanreis was is nie dat die mens sy voete op die maan gesit het nie, maar dat hulle die aarde kon sien”. In Desember 1968 het Apollo 8 se William Anderson die wêreld se verbeelding gaande gehad, toe hy in 'n wentelbaan om die maan die beroemde foto geneem het wat nou bekend staan as “Aard-opkoms”. Terwyl hulle die eerste keer die gekleurde uitsig van ons planeet uit die ruimte gesien het – die ryk, lewendige skakerings in skrilte kontras met die maan se eentonige grys oppervlak, het baie mense gevoel dat die grootsheid en skoonheid van “Aard-opkoms”, ons planeet se internasionale konflikte so onbeduidend laat lyk.

Tog het Armstrong nie 'n vlag van die Verenigde Nasies op die maan se oppervlak geplant nie; dit was die Verenigde State se vlag. Die maanlanding self was aangespoor deur 'n uitdaging van die Koue Oorlog. Op 25 Mei 1961 het die

V.S. president John F. Kennedy 'n uitdaging aan sy nasie gerig – 'n doelwit wat baie mense as onbereikbaar beskou het. Kennedy het die V.S. Kongres toegesprek en 'n onbeskroomde voorgestel gemaak: “Ek glo dat hierdie nasie homself behoort te verbind om voor die einde van hierdie dekade die doel te bereik, om 'n man op die maan te laat land en hom veilig na die aarde te laat terugkeer”. Nouliks meer as agt jaar later het twee Apollo 11 ruimtevaarders hulle voete op die maan gesit.

Tydens die vyf daaropvolgende Apollo sendings het tien mans op die maanoppervlak geland, maar in die byna 47 jaar sedert Apollo 17 se maanmodule van die maan af opgestyg he, was niemand weer daar nie. Om dit in perspektief te stel: Slegs twee ander nasies – die Volksrepubliek van China en die voormalige Sowjet-Unie – het 'n onbemande sending suksesvol op die maan “laat land”. Israel het gehoop om vroeër in 2019 die vierde te word, maar sy *Beresheet* landingstuig het geval toe 'n enjin op 11 April tydens daling onklaar geraak het. China het vroeër gedurende 2019 'n mylpaal bereik toe sy Chang'e 4-

vaartuig op 3 Januarie die eerste vaartuig – sover dit bekend is – geword om op die maan se “donker kant” te land. Omdat die donker kant altyd van die aarde weggedraai is, maak die vaartuig daarop staat en is dit noodsaaklik dat 'n maan-omwentelende satelliet inligting aan die wetenskaplikes van die Chinese se Volksbevrydingsleër (*People's Liberation Army*) oordra. Amerika beplan nie om 'n maan-omwentelende ruimte-stasie te hê tot en met die middel van 2020 nie. Hulle beplan om dan die “*Lunar Orbital Platform-Gateway*” te lanseer. Dit sal tot vier werkers op 'n slag vir wetenskaplike en militêre sendings huisves.

In Maart 2019 het die Amerikaanse president, Donald Trump, die Nasionale Lugvaart- en Ruimte-administrasie (NASA) versoek om nog 'n bemande maanlanding vir 2024 te beplan – wat die vorige skedule met vier jaar vervroeg het. Die plan het 'n twispunt onder wetgewers geword wat nog nie die bykomende \$1,6 miljard aan NASA gegee het nie. Dit is die bedrag wat NASA se hoof, James Bridenstine, gesê het, in 2020 nodig sal wees om op datum te bly met die beplanning van president Trump se doelwit. Dié afjak het die bestuurder van die sending, Mark Sirangelo, genoodsaak om te bedank. (“*Moon mission leader leaves NASA after 45 days,*” *UPI*, 24 Mei 2019). Is die plan te ambisieus? Geen ander nasie het planne vir so 'n landing voor 2030 nie, hoewel Rusland

hoop om teen 2025 ruimtevaarders in 'n maanwentelbaan te stuur voordat hulle 'n maanlanding-sending in die 2030's van stapel stuur. China en Japan beplan ook bemande landings voor 2040. Ten minste vir nog 'n rukkie sal V.S. ruimtevaarders die enigstes bly wat tot dusver hulle voete op die maan gesit het.

Vordering teen 'n prys

Ruimtevaart lyk dalk glansryk, maar die Apollo 11-bemanning het geweet dat hulle sending baie gevaarlik sou wees. Soos John Young, Apollo 10 se vlieënier en Apollo 16 se maanwandelaar later sou opmerk: “Enigeen wat bo-op die grootste waterstof-suurstof-aangedrewe stelsel in die wêreld sit, met die wete dat die onderkant aan die brand gesteeke gaan word en nie 'n bietjie bekommerd raak nie, begryp nie die situasie ten volle nie”. John Glenn, wat sy *Friendship 7* ruimtetuig geloods het wat in Februarie 1962 NASA se eerste Aardomwentelende sending voltooi het, het na bewering droogweg opgemerk: “Ek het gevoel presies soos 'n mens sou voel wanneer mens gereed maak om gelanseer te word en besef dat hy bo-op 2 miljoen dele sit wat alles gebou is deur die laagste tenderaar op 'n regeringskontrak”. NASA het wel omvattende veiligheidsmaatreëls geïmplementeer, maar dit was nogtans gevaarlik. Die Apollo 11-bemanning het geweet dat drie Apollo 1 ruimtevaarders tydens toetse in 'n ramspoedige vuur gesterf

het, toe hulle nie die deurluik in hulle bevelmodule kon bereik nie. Drie ander NASA ruimtevaarders het gesterf in straalvliegtuie tydens opleiding. Hierdie dapper manne was deeglik bewus van die gevare wat hulle in die gesig gestaar het.

Die ruimteprogram het versker die tempo van wetenskaplike en ingenieurs-innovasie versnel. Die geïntegreerde stroombaan – die hart van vandag se mikrokenaars, wat noodsaaklik is vir baie elektroniese verbruikerstoestelle, was gepatenteer twee jaar voor president Kennedy se oproep tot aksie. NASA se behoeftes het ingenieurs egter aangespoor tot nuwe prestasies ten opsigte van miniaturisasie en doeltreffendheid en die Apollo *Guidance Computer* was die eerste rekenaar om geïntegreerde stroombane in sy ontwerp te gebruik. Vandag se selfone is baie kragtiger as wat Apollo 11 se rekenaar was. Dit het sy doel gedien met net 2 kilobytes lees-skrif geheue en 36 kilobytes lees alleen geheue om die programme te stoor waarop die ruimtevaarders staatgemaak het vir navigasie- en vlugbegeleiding en selfs vir opstyg en landing. Hierdie “*state-of-the-art*” rekenaar het die meeste van Apollo 11 se loodsing gedoen – met die noemenswaardige uitsondering van Armstrong se spanningsvolle maanlanding.

Ons behoort egter realisties te wees met betrekking tot president Kennedy se motivering om 'n bemande maan-

landing aan te spoor. Soos mnr. Gerald Weston, hoofredakteur van die Wêreld van Môre, in die vorige uitgawe van hierdie tydskrif aangedui het, daar is 'n ontnugterende kant van die ruimte-wedloop en ons mag selfs besef dat ...

... ruimteverkenning ons wêreld gevaarliker maak het. Van die begin af was militêre belange verstrengel met die verkenning van ons omgewing. Die rolprent *Sputnik* was oulik, maar bevat nie die hele storie van waarom satelliete handel nie. Die publiek was betower deur maan-wandelings en mikro-swaartekrag, maar agter dit alles was militêre eksperimente en sendings ... Om na die maan te gaan het die aandag van die publiek vasgevang, maar om die strategiese hoë vlak te bereik was die spel wat gespeel is tussen die Sowjet-Unie en die Verenigde State ("Vir watter rede?" *Wêreld van Môre*, Mei-Junie 2020, bl. 16).

Was dit nie vir Amerika se begeerte om die Sowjet-Unie 'n nederlaag toe te dien en die Koue Oorlog te wen nie, sou president Kennedy waarskynlik glad nie sy uitdaging gerig het nie.

Vir die mensdom of vir militêre oppergesag?

Vyftig jaar nadat Armstrong 'n Amerikaanse vlag op die maan se oppervlak geplant het, is nasionalisme nog steeds die dryfkrag agter die ruimte-wedloop. In Maart 2019 het die V.S. se visepresident, Mike Pence, verklaar dat "die eerste vrou en die volgende man op die maan albei Amerikaanse ruimtevaarders sal wees, wat deur Amerikaanse vuurpyle vanaf Amerikaanse grondgebied gelanseer sal word" ("*Pence calls for human return to the moon by 2024,*" *Space News.com*, 26 Maart 2019).

In Desember 2018 het die V.S. president, Donald Trump, 'n uitvoerende bevel onderteken wat 'n voorlopige stap was vir die vestiging van 'n nuwe "Ruimte-mag"-tak van die V.S. Weermag. Ter erkenning van die groeiende belangrikheid van die buitenste ruimte vir die aarde se militêre magte, het die bevelvoerder van die V.S. Strategiese Beheer, John Hyten, in April 2019 aan 'n senaatskomitee gesê: "Die buitenste ruimte is fundamenteel vir ons ekonomiese groeikrag en die Amerikaanse lewenswyse, met inbegrip van hoe ons oorlogstrategie aanvoer. Natuurlik verstaan ons teëstanders dit nie en hulle is aktief besig om wapens te bou en te ontplooi om ons in die ruimte te bedreig. Ons moet hierdie aksies ernstig opneem".

Die Chang'e 4-landing wat in Januarie 2019 plaasgevind het, het bekommernis laat ontstaan dat, deur hulle

bedrywighede op die maan se "donker kant", China wapens en ander tegnologieë onopgemerk kan versamel, in stryd met internasionale verdrae. Tog is sommige mense optimisties. "Die Chinese gaan nie begin om ons vanaf 'n militêre buitepos op die maan met maanrotse te gooi nie", het die *Heritage Foundation* se geleerde, Dean Cheng, gesê. ("*China's moon landing boosts Trump's Space Force,*" *Washington Times*, 9 Januarie 2019). Ander lande is bekommerd dat China en Rusland reeds die V.S. intelligensie- en kommunikasie-satelliete kan teiken. "Dit is daardie bates waarvan ons gebruik maak vir kommunikasie en verkenning en projektiel-waarskuwing en posisionering, tydsberekening en navigasie—'n hele klomp aspekte wat ons vir oorlogvoering gebruik", het die V.S. Departement van Verdediging se ondersekretaris, Michael Griffin, gesê (*ibid.*).

Kongreslid Michael Waltz (R-FL) het onlangs aan 'n onderhoudvoerder gesê,

Die 21ste-eeu se ruimte wedloop is aan die gang ... Die maan gaan die middelpunt hiervan wees. Die Israeli's het so pas gelanseer, die Indiërs beplan om na die maan te lanseer, die Chinese het dit sopas na die agterkant van die maan gedoen. Dit is altyd die moeite werd om te onthou dat die Chinese nie 'n burger-

like NASA-verkennings-komponent het nie. Dit is suiwer militaristies ... Dit is dus 'n gebied waar dit nodig is dat ons mededingend sal wees en leierskap sal behou (*"The 21st Century Space Race Is On"*, *ForeignPolicy.com*, 10 April 2019).

Vandag aanvaar ons byna as vanselfsprekend dat ruimte-satelliete bestaan en die voordele daaraan verbode. Of dit wentelende teleskope, kommunikasie-satelliete of navorsingsplatforms is, die mensdom het die lugruim met tegnologiese wonders gevul. Hoeveel is daar? "Sedert 2018 is reeds meer as 1,800 aktiewe satelliete in wentelbane, wat besit en bedryf word deur meer as 50 lande en multi-nasionale organisasies. Nege lande en een internasionale organisasie kan ruimte-vaartuie onafhanklik lanseer: China, Indië, Iran, Israel, Japan, Rusland, Noord-Korea, Suid-Korea, die Verenigde State en die Europese Ruimte-agentskap" (*"Challenges to Security in Space," V.S. Defense Intelligence Agency*, Februarie 2019, bl. 7). 'n Potensiële maangebaserde bedreiging vanaf China of enige ander nasie kan die veiligheid en handel van die V.S. verwoes en die nasie veral kwesbaar laat wat betref ekonomiese en militêre verowering.

'n Inval vanuit die ruimte?

Wat gebeur egter as 'n bedreiging nie van Rusland of China kom nie, maar vanaf verder in die ruimte? Dr. Stephen Hawking, die Universiteit van Cambridge se voormalige astrofikus, was bekommerd oor presies hierdie scenario. Let op hierdie nuusberig:

Die ruimtewesens is daar buite en die aarde beter op sy hoede wees, ten minste volgens Stephen Hawking. Hy het beweer dat buite-aardse wesens byna verseker bestaan, maar in plaas daarvan om hulle op te soek, behoort die mensdom alles moontlik te doen om kontak te vermy. Hy bespiegel dat ruimtewesens die aarde eenvoudig net vir sy hulpbronne kan aanval en dan sal voortbeweeg ... Hy kom tot die gevolgtrekking dat om te probeer om kontak te maak met buite-ruimtelike wesens, "n bietjie te riskant is". Hy het gesê: "Indien ruimtewesens ons ooit besoek, dink ek die uitkoms sal omtrent wees soos toe Christopher Columbus die eerste keer in Amerika voet aan wal gesit het, wat nie baie goed vir die inheemse Amerikaners uitgedraai het nie".

(*"Don't talk to aliens, warns Stephen Hawking," The London Sunday Times*, 25 April 2010).

Dit kan herinnerings oproep van die 1996 wetenskap-fiksie rolprent, *Independence Day* of die bekende *Twilight Zone*-episode "*To Serve Man*". Indien die mensdom ruimtewesens sou ontmoet, sal baie mense verwag dat hierdie wesens vyande sal wees soos in die ou televisiereeks *V*, nie die sagmoedige en wyse weldoeners van 1977 se *Close Encounters of the Third Kind* nie.

Het u al gedink oor hoe die wêreld op Jesus Christus se Wederkoms sal reageer? Aanvanklik sal nie almal Hom as hulle Verlosser aanvaar nie. Sommige mense sal mislei word en vrees dat Hy 'n indringer is wat gekom het om hulle van hulle vryheid en mag te ontnem. Kan u u voorstel hoe die wêreld se gesamentlike militêre magte almal teen Christus losgelaat sal word, terwyl Hy uit die hemel neerdaal? Ja, die leërs van rebelse nasies sal teen die Messias veg wanneer Hy weer kom! Die skrikwekkende hemelse tekens waarvan u Bybel ons vertel, wat Sy Wederkoms sal voorafgaan, sal nog vars in hulle geheue wees. Onder hierdie tekens lees ons: "Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom" (Handelinge 2:20). Het u enige

van die “bloedmane” gesien wat met vier maansverduisterings gepaard gegaan het in 2018 en 2019? Alhoewel opvallend en ontsagwekkend, is dit 'n herhalende astronomiese verskynsel en is slegs 'n voorsmakie van die hemelse tekens wat nog gaan kom wanneer God direk in die hemele ingryp.

Dit is uit daardie hemele dat Jesus Christus uiteindelik sal terugkeer. U Bybel beskryf die toneel:

“Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self. En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne. En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op

sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (Openbaring 19:11-16).

Wie is die “leërs in die hemel”? Hulle sal die “eersteling” insluit – vandag se getroue Christene wat by die eerste opstanding tot onsterflike geestelike lewe opgewek sal word! Wat sal die uitslag van daardie stryd wees? Ons lees: “En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot” (verse 17-18)

Jesus Christus sal die finale oorlog aan die einde van hierdie tydperk wen en die oorlewende massas van die mensdom oorwin wat sal saamspan om hulle teen Hom te verset. Ons lees van hulle nederlaag:

“En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse

profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees” (verse 19-21).

Die seëvierende Vredevoers sal terugkeer om Sy regering te vestig en oor alle nasies te heers. Hy sal elke mens wat nog ooit geleef het 'n geleentheid gee om Sy ware leerstellings te hoor en te beoefen en om Christus as Here en Verlosser te aanvaar en die Heilige Gees te ontvang! Daarna sal nog 'n verstommende verskynsel plaasvind wanneer God se eie Nuwe Jerusalem uit die hemel na die aarde sal neerdaal. Die apostel Johannes beskryf die konteks: “En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; ... En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel” (Openbaring 21:1-2). Die Nuwe Jerusalem sal met die glorie van Sy Heerser skyn. “En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die

Lam is sy lamp” (vers 23). Kan u u voorstel hoe dit sal wees?

Na die maan ... en verder!

Ironies genoeg, was die 50ste herdenking van Apollo 11 se maanlanding geskeduleer en het ons 'n ander V.S. ruimtevaarder in die ruimte gesien, maar hy het dit in 'n Russiese Soyuz-ruimtetuig gedoen wat bestem was vir die Internasionale Ruimtestasie! Die Weermag se chirurg Andrew Morgan het nege maande aan boord van die ISS deurgebring; dit was sy eerste reis in die ruimte, maar hy hoop dat dit nie sy laaste een sal wees nie. Morgan is optimisties oor die doelwitte wat president Trump en NASA gestel het. Hy het gesê: “Om oor vyf jaar na die maan se oppervlak terug te keer, is 'n ambisieuse doelwit. Ek weet dit is een wat ons kan bereik”. (“*Army astronaut set to blast off on moon landing 50th anniversary*,” *Stars and Stripes*, 22 April 2019).

Van die twaalf mense wat voet op die maan gesit het, leef nog net vier. Apollo 11 se Edwin “Buzz” Aldrin was die oudste oorlewende maan-wandelaar op die ouderdom van 89 in 2019; Harrison Schmitt (84 jaar op 3 Julie 2019) is die laaste oorlewende van Apollo 17, die laaste bemande maansending. Die vier maan-wandelaars wat nog in 2019 geleef het mag dalk almal al gesterf het teen die tyd dat 'n ander mens sy voete op die maan sit.

Alhoewel NASA onlangs

planne aangekondig het om in 2024 na die maan terug te keer, waarom was daar in die afgelope 48 jaar geen ander bemande maan-sendings nie? Sommige skeptici neem dit as bewys dat die Apollo-landings 'n bedrogspul was. Nie-regerings-instansies het egter suksesvol laserlig terug weerkaats vanaf die weerkaatsers wat na bewering deur die Apollo sendings op die maan geplaas is. Dit is dus duidelik dat *iemand* dit daar geplaas en noukeurig ingestel het! In 2008 het Japan se SELENE maanpeiler fotografiese bewyse van grond teruggestuur wat op die Apollo 15-landingsplek, deur die maanmodule se ontploffingstowwe, versteur is. Amptenare van die Chinese en Indiese ruimteprogramme – mededingers wat daarby sou kon aat vind, indien valse V.S. aansprake ontmasker word – rapporteer ook bewyse van grondstoornisse op die maan se oppervlak wat NASA se vroeëre teenwoordigheid bevestig.

Tog bly sommige mense skepties. Moontlik sal hulle nie die maanlandings aanvaar totdat hulle dit nie self kan sien nie. Wat van u? Wil **u** die maan – en verder – van naderby met u eie oë sien? Die wonderlike waarheid is dat vandag se Christene voorberei word om die maan te beërf en nog baie meer! In antieke tye het God aan Sy volk hierdie belofte gegee: “U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel” (Psalm 8:7). In

die Nuwe Testament lees ons: “Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees” (Openbaring 21:7). Wat bedoel God met “alle dinge”? Let op hoe die Weymouth-weergawe Hebreërs 2:8 vertaal, wat weer Psalm 8 aanhaal: [direk in Afrikaans vertaal] “U het alles onder sy voete gestel.’ Want hierdie onderwerping van die heelal aan die mens impliseer dat Hy niks uitlaat het wat nie aan hom onderworpe is nie. Maar ons sien nog nie dat die heelal aan hom onderwerp is nie.” Dis verbasend, maar die Griekse frase *ta panta* wat dikwels in ons Afrikaanse Bybelvertalings voorkom as “alles” of “alle dinge”, openbaar dat wanneer vandag se Christene geestelik gebore sal word in die Gesin van God, as die eersteling, hulle erfenis **niks** sal uitsluit nie. Die hele heelal sal ons s'n wees om te verken, te waardeer en selfs te verfraai op maniere wat ons ons nou nog nie kan indink nie!

Net nie nou al nie! Vandag se Christene is erfgename wat wag om 'n groot erfenis te ontvang. “Luister, my geliefde broeders – het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie?” (Jakobus 2:5). Hoe berei ons voor vir daardie erfenis? Nie deur sterrekundiges of ruimtevaarders te word nie, alhoewel dit wonderlike strewes kan wees. In plaas

'n Andersoortige dapperheid

Deur Gerald Weston

Wanneer die tyd aanbreek, sal u alles op die spel plaas?

Vroeër of later sal dit nodig wees dat ons almal tot aksie oorgaan wat óf dapperheid óf lafhartigheid te kenne sal gee.

Om moed aan die dag te lê is die altyd-teenwoordige metgesel van grootheid. Boeke vol word aan die onderwerp gewy. In *Undoubted Courage* vertel die geskiedkundige Stephen E. Ambrose die verhaal van Meriwether Lewis, wie se moedige leierskap van die Lewis en Clark Ekspedisie die Amerikaanse Weste die geleentheid geskep het vir verdere verkenning. *Profiles in Courage* met eerbetoon aan voormalige president John F. Kennedy, beskryf die dapper dae van agt Amerikaanse senatore. Die deugde van manmoedigheid kom op alle vlakke van die lewe voor en deur alle omstandighede heen. Ons vind dit dikwels in tye van oorlog, veral op die slagveld, maar dit word ook op die gebied van besluite deur 'n direksie gevind en in diegene wat dapper genoeg is om stroomop teen die gety van gewilde opinies te swem.

Verkenners soos Lewis en Clark word algemeen geprys in die annale van die geskiedenis. Netso ook die dapper mans en vroue wat die aarde agterlaat om die ruimte te verken. Wie kan ontken dat die eerste man in die ruimte asook die eerste manne wat op die maan geloop het, 'n

spesiale eienskap besit het? Tog kry die meeste dae van dapperheid geen erkenning nie. Soms gaan dit selfs ongesiens verby. Kan ons weier om die etiket “moedig” toe te ken aan die man wat sy vrees vir hoogtes oorkom het, deur met sweefvlieg te begin, of die jong vrou wat besluit om 'n kind te hê wanneer pyn en onsekerheid op haar wag?

Ons almal bewonder manmoedigheid, maar by tye skram ons daarvan weg om dit aan die dag te lê. Dit begin op 'n vroeë ouderdom. Vir geslagte lank is dit aan Amerikaanse kinders vertel dat toe 'n jong George Washington gevra is, “Wie het die kersieboom afgekap?” hy geantwoord het: “Ek kan nie 'n leuen vertel nie. Ek het”. Helaas, die storie is blote fiksie. Inderdaad, baie kinders “verdraai” die feite wanneer hulle met die waarheid gekonfronteer word wat pyn kan meebring indien dit erken word. Ongelukkig gedra baie volwassenes hulle soos klein kinders onder soortgelyke omstandighede, alhoewel met groter nagevolge.

Dapperheid is ook moeilik om te voorspel. Waarom kan iemand in een geval sy man staan en by 'n ander geleentheid

wegskram? Ons kan dit by die profeet Elia sien waar hy koning Ahab gekonfronteer het, asook 450 profete van Baäl, 400 profete van Astarte en 'n bevolking wat nie kon besluit watter kant om te kies nie. Tog het dieselfde Elia, kort ná sy dapper optrede teen so 'n menigte, lafhartig na die ander kant van die land gehardloop toe koningin Isébel hom gedreig het. Waarom soveel moed aan die dag lê teenoor 'n menigte, maar so 'n gebrek daaraan hê teen slegs een persoon?

Botsende motiewe

Dit is nie maklik om motiewe te onderskei nie. Ons lees in *Profiles of Courage*:

Natuurlik sal die dae van dapperheid wat in hierdie boek beskryf word, meer inspirerend wees en meer skitter met die tradisionele glans van heldeverering indien ons sou aanvaar dat elke mens heeltemal van homself vergeet in sy toewyding aan hoër beginsels. Dit mag egter wees dat president John Adams – sekerlik die onpartydigste sowel as

verstandigste staats-amptenaar was wat ons ooit gehad het – baie nader aan die waarheid gekom het toe hy in sy *Defense of the Constitutions of the United States* geskryf het: “Dit is inderdaad nie waar dat daar ooit enige mense ooit bestaan het wat die publiek meer as hulleself liefgehad het nie” (bl. 238).

Indien ons deesdae se politieke ingesteldheid in oënskou neem, is dit nie moeilik om die wysheid van Amerika se tweede president te aanvaar nie, maar beteken dit ook dat daar geen ware edelheid buite die politiek is nie? Dink aan die man wat op 'n handgranaat val om die lewens van mede-soldate te red of wat van die man wat sy sitplek op 'n reddingsboot aan sy vrou of kind afgestaan het en saam met die Titanic ondergegaan het? Ons mag moontlik nie al die name of omstandighede ken nie, maar die geskiedenis is vol van mense wat hulle lewens gewillig vir ander mense opgeoffer het. Selfopoffering verg moed en is dikwels onbaatsugtig – maar nie altyd nie. Selfmoordbomdraers mag dalk hulle lewens vir 'n saak opoffer, maar is dit regtig 'n opoffering wanneer hulle 'n beloning in die hiernamaals verwag en ook om roem op die aarde te verkry? Dit kan sekerlik nouliks vergelyk word met die grootste daad van selfopoffering van alle tye (Johannes 3:16; Filippense 2:5-8).

Ja, daar is motiewe agter dapperheid – sommige edel en ander nie so edel nie. Manne en vroue het in seilbote van hout oor die wye oseaan gevaar na die vasteland wat ons nou Noord-Amerika noem, sonder om te weet of hulle sou oorleef of wat hulle daar sou vind. Hulle motief was dikwels 'n begeerte na beter lewens vir hulleself en hulle kinders. Hulle kom nog steeds en hulle reise verg steeds moed en deursettingsvermoë. Ek het al 'n hele paar hedendaagse immigrante na Kanada en die Verenigde State ontmoet. Die begeerte na 'n beter lewe vir hulle kinders bly 'n algemene tema, selfs al weet hulle dat hulle eie lewens moeilik sal wees.

Baie motiewe kan die menslike gees motiveer om groot struikelblokke te oorkom. Soos hierbo genoem, die dryfkrag vir party mense is 'n doel wat groter as hulleself is. Party mense bly aktief besig om die vrees vir die dood of om te sterf te onderdruk. Sommige mense soek roem en geluk, en soms die hoop op 'n beter lewe. Sommige mense soek na niks meer as 'n adrenalien-inspuiting en “die opwinding van dit alles” nie.

Ons kan aan klein daade van dapperheid dink, soos om van 'n hoë duikplank in die diep kant van 'n swembad in te spring. Vir baie mense verg dit selfs 'n bietjie moed om iemand te nooi vir 'n afspraak of om 'n uitnodiging te aanvaar. Selfs skynbaar gewone gebeurtenisse soos om te trou, verg ook moed. Alhoewel ons 'n paartjie

se plan om kinders te hê as vanselfsprekend mag aanvaar, verg dit ook 'n tipe moed vir man en vrou om die verpligtinge en opofferings te maak wat die plan moontlik sal maak. Hierdie situasies is nie die dinge waarvoor geskiedkundiges skryf wanneer hulle aan dapperheid dink nie. Is hierdie en honderde ander daade egter enigszins minder manhaftig vir die individue wat hulle vrees oorkom?

Plaas dit alles op die spel

Dit sal vroeër of later vir *almal van ons* nodig wees om dinge te doen wat óf moedigheid óf lafhartigheid te kenne sal gee. Ons kan Jack Phillips as voorbeeld hiervan neem. Selfs al onthou u hom nie by name nie, het u waarskynlik gehoor van die standpunt wat hy ingeneem het teen die staat van Colorado as die eienaar van *Masterpiece Cakeshop* in Lakewood. Nadat Phillips geweier het om 'n koek te versier om 'n “huwelik” tussen twee mense van dieselfde geslag te vier, is hy voor die Colorado Burgerregtekommissie gedaag. Daar is 'n vonnis teen Phillips gevel ten gunste van die betrokke dieselfde-geslag paartjie. Hy kon voor die druk swig, maar hy het besluit om teen die vonnis te appelleer. Uiteindelik, in Junie 2018, ná ses jaar van stres en trauma, het die Amerikaanse Hooggeregshof in Phillips se guns beslis.

Dit was nie die einde vir Phillips nie. Nadat hy geweier het om 'n “koek te ontwerp wat pienk aan die binnekant was en

blou aan die buitekant om 'n manier van geslagsverandering van manlik na vroulik te vier", is 'n ander klag teen hom gelê ("*Masterpiece Cakeshop, Colorado Settle Legal Battle*", *ColoradoPolitics.com*, 5 Maart 2019). Wat was die resultaat? "Minder as 'n maand later het die staat 'n waarskynlike rede gevind om te glo dat die staat se wet vereis dat Phillips die koek met die geslagsveranderingstema soos versoek sal skep". Phillips en 'n paar ondersteuners het hierdie nuwe aanklag moedig beveg. Hulle het dit beskou as niks minder nie as 'n geboelie en teistering en het die mag van die staat gebruik teen 'n enkele individu wat bereid was om standpunt in te neem vir sy oortuigings van reg en verkeerd. Gelukkig is hulle manmoedigheid beloon. In Augustus 2018 het "*Alliance Defending Freedom*", 'n nie-winsgewende regsorganisasie wat mense verdedig op grond van hulle godsdienstige oortuigings, 'n federale regsgeeding aanhangig gemaak teen die afdeling, die kommissie en die Colorado-goewerneur en prokureur-generaal. Hulle het beswaar gemaak en gekla dat die staat 'op 'n kruistog is om die eiser Jack Phillips te vernietig omdat sy amptenare dit wat Phyllips glo en hoe hy sy geloof beoefen, verag" (*ibid*).

Dit is een ding vir 'n staatsregering, met sy groot beskikbare hulpbronne en die vermoë om ander mense se geld te spandeer, om bloot 'n private burger te dagvaar. Danksy die

teenklag, het Phillips se vervolgers ook iets gehad om te verloor. Colorado het sonder twyfel versekering gehad om die staat teen groot verliese te beskerm, maar gevegte in hofsake kan steeds sy tol eis. In effek het reguleerders van die staat besluit om dit 'n gelykop spel te noem, aangesien albei partye hulle regsgeedinge laat vaar het.

Ons behoort dankbaar te wees vir die moed en vasberadenheid van Jack Phillips en diegene soos hy. Hy het 'n prys betaal vir verlore inkomste en het geweldige spanning op homself en sy gesin verduur as gevolg van sy opregte godsdienstige oortuigings. Gelukkig is hy nie alleen nie. In die staat Washington het die prokureur-generaal 'n saak verhoor waarin 'n bloemis van Richland betrokke was, omdat hy geweier het om deel te neem aan 'n huwelik tussen twee mense van dieselfde geslag. Barronelle Stutzman, eienares van *Arlene's Flowers*, was 'n vriend van Robert Ingersoll, 'n jong man aan wie sy blommerangskikkings voorsien het vir belangrike geleenthede in sy lewe. Sy was bewus van sy lewenstyl en hy het geweet van haar Christelike geloof. Alles het goed gegaan totdat sy geweier het om deel te neem aan sy huwelik met Curt Freed, wat sy nie met 'n rein gewete kon doen nie, gebaseer op haar opregte godsdienstige oortuigings. In 2013 het die prokureur-generaal die volle mag van die staat Washington op die 70-jarige

ouma uitgeoefen. Die *Alliance Defending Freedom* het in 'n regsdocument aan die hof geskryf:

"Die prokureur-generaal het dieselfde ongelyke behandeling hier getoon [soos in die Phillips-saak]. Nadat hy in mediaberigte van mev. Stutzman se godsdienstige konflik gehoor het, maar sonder enige klagte van die individuele respondente, het die prokureur-generaal mnr. Freed gekontak om sy besorgdheid uit te spreek. Hy het 'n brief gestuur waarin hy gedreig het om mev. Stutzman te dagvaar. Sy kantoor het 'n ongewone plan beraam om hierdie regsgeeding aanhangig te maak en het weliswaar in 'n erkende ongeëwenaarde gebruik, die CPA genader om dit te doen en mev. Stutzman in haar persoonlike hoedanigheid te dagvaar. In duidelike teenstelling hiermee, het die prokureur-generaal baie verskillend opgetree toe 'n storie van die media baie vinnig die rondte gedoen het in verband met die gay-eenaar van *Bedlam Coffee* in Seattle wat in Oktober 2017 'n groep Christelike klante uitgeskel, uitgegooi en teen hulle diskrimineer het".

Dit behoort duidelik te wees vir 'n persoon met enige kennis van wat aangaan – in ons Westerse nasies en in ander dele van die wêreld – dat alles wat as “Christelik” beskou word, bedreig word. Dit is nie te sê dat alles wat as Christelik beskou word, werklik Christelik *is* nie, net dat alles wat op enige manier aan Jesus Christus, die Bybel of die God van die Bybel verbind is, as “geoorloofde wild” beskou word. Terselfdertyd draai owerhede dikwels 'n “blinde oog” na misdrywe van diegene wat enigiets haat wat met Christelike geloof of uitlewing te doen het.

Die Boek is beter!

Elke jaar rondom die vakansie van Paasfees word die Cecil B. DeMille-rolprent *The Ten Commandments* op Amerikaanse televisie herhaal. Hierdie bykans vier-uur-lange topverkoper was revolusionêr wat betref tydsduur en omvang. Die hoofakteur, Charlton Heston, het die rol van Moses vertolk. Die bekende verhoogakteur Yul Brynner het die rol van Faraon vertolk. Die styl van toneelspel verander natuurlik mettertyd en sommige van vandag se jonger geslag mag dit moeilik vind om hulle te vereenselwig met vroeër jare se toneelspel.

Ongelukkig, danksy meer onlangse rolprente wat op Bybelse karakters gebaseer is, soos Noag, kan toevallige kykers verskoon word indien hulle dink *The Ten Commandments* is niks meer as net

fiksievermaak nie. Die regisseur DeMille het egter probeer om die Israelitiese uittoeg akkuraat uit te beeld, deur die Bybelse verhaal, die werke van Josephus en ander historiese en argeologiese bronne na te slaan. Desnieteenstaande weeg dit nie op teen die werklike gebeure nie. Ons hoor so dikwels van boeke waarvan rolprente gemaak is: “Die Boek is beter”.

Een tema wat in God se Woord uitstaan, is dat die menslike natuur wanneer dit genoeg tyd gegee word voortdurend terugval in afgodery en losbandige lewenswyses. Selfs 'n toevallige lees van die Bybel maak dit duidelik. Aan die einde van Moses se lewe is die leierskap oorgedra aan 'n man met die naam Joshua, aan wie Moses hierdie belangrike opdrag gegee het: “Wees sterk en volmoed” (Deuteronomium 31:6-7, 23). Dit was beslis belangrike advies vir die man wat 'n onopgeleide leer in 'n land sou inlei wat deur magtige manne bewoon was (Deuteronomium 7:1).

Ná Moses se dood het God Self hierdie boodskap aan Josua oorgedra en 'n verdere rede bygevoeg om moedig te wees: “Wees net baie sterk en volmoed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan ... Het Ek jou nie beveel nie: Wees sterk en volmoed, wees nie bevrees of verskrik nie; want die HERE jou God is met jou, oral

waar jy heengaan” (Josua 1:7, 9). Moses en God het geweet dat Josua sterk moes staan teen die openbare mening en die menslike natuur.

Ja, gehoorsaamheid aan goddelik geïnspireerde instruksies vergoed. Jack Phillips en Barronelle Stutzman het daardie soort moed openbaar. Moed om gehoorsaam te wees word egter normaalweg nie so algemeen bekendgemaak en geprys nie.

Nou kom ons nader aan onself

Neem een belangrike Bybelse opdrag in oorweging wat aan die Israeliete gegee is voordat hulle die Beloofde Land binnegegaan het:

As die HERE jou God die nasies waar jy na toe gaan om hulle uit die besitting te verdrywe, voor jou uitroei, en jy hulle verdrywe en in hulle land woon, neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrikk word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen; want selfs hulle seuns en hulle dogters verbrand hulle met vuur vir hulle gode.

Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie. (Deuteronomium 12:29-32).

In die laaste hoofstuk van die boek wat na Josua vernoem is, lees ons: “En Israel het die HERE gedien al die dae van Josua en al die dae van die oudstes wat lank ná Josua nog in die lewe was en met al die werke van die HERE bekend was wat Hy vir Israel gedoen het” (Josua 24:31). Dit weerspieël egter nie ten volle die ingesteldheid van die volk nie, want hulle gehoorsaamheid was oppervlakkig en was van sterk leierskap afhanklik. Josua het die Israëliete bestraf omdat hy geweet het wat hulle sou doen. Hy het geweet dat, net soos God hulle vir gehoorsaamheid geseën het, so sou Hy vanweë hulle ongehoorsaamheid, probleme oor hulle bring. Hy het gewaarsku: “As julle die verbond van die HERE julle God wat Hy julle beveel het, oortree en ander gode gaan dien en julle voor hulle neerbuig, dan sal die toorn van die HERE teen julle ontvlam, en julle sal gou omkom uit die goeie land wat Hy aan julle gegee het” (Josua 23:16).

Hoe maklik is dit om terug te kyk en verwaand neer te sien op die arme siele wat weer en weer terugval in afgodery. Hoe kon hulle so dwaas gewees het? *Tog doen baie van ons presies dieselfde!*

Onthou dat God Sy volk

opdrag gegee het om nie te aanbid op dieselfde wyse as wat die heidense nasies rondom hulle gedoen het nie. “Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie” (Deuteronomium 12:32). Hoe het dan gebeur dat die naam van 'n heidense vrugbaarheidsgodin gekoppel is aan die dag waarop mense dink dat Jesus uit die dood opgewek is? Hoe het simbole van vrugbaarheid – soos hase, eiers en lelies – deel geword van die vieringe? Hoe het 25 Desember, die dag wat in antieke tye gevier is as die geboortedag van die songod Mithra, die dag geword om Jesus se geboorte te vier? Wat het versierde bome en 'n menigte ander heidense gebruike te doen met die aanbidding van Jesus?

Dit is 'n geskiedkundige feit dat vandag se belydende Christelikheid ver verwyder is van dit wat die Stigter daarvan en Sy Apostels geglo en beoefen het. Ons lees in *The Story of the Christian Church*, geskryf deur die gerespekteerde geskiedskrywer Jesse Lyman Hurlbut:

Die gebruike en sereemonies van die heidendom het geleidelik in die erediens ingesluip. Van die ou heidense feeste het kerkfeeste geword, met 'n verandering van naam en aanbidding. Sowat 405 n.C. het beelde van heiliges en martelaars in die kerke

begin verskyn, eers as gedenkwaardighede, om daarna een na die ander vereer, verafgod en aanbid te word. Die aanbidding van die Maagd Maria het die aanbidding van Venus en Diana vervang; die Nagmaal het 'n offer geword in die plek van 'n herdenking; 'n ouderling het van 'n prediker na 'n priester verander ... die kerk het geleidelik die mag van die staat oorgeneem. Die gevolg was nie Christelikheid nie, maar 'n min of meer korrupte hiërargie wat die nasies van Europa beheer en die kerk hoofsaaklik 'n politieke masjien gemaak het (bll. 79-80).

'n Ontelbare aantal soortgelyke aanhalings kan in gerespekteerde bronne gevind word om te wys dat dit wat die meeste mense “Christelik” noem, vandag niks meer as heidens is nie, geklee in nuwe klere. Waarom pla dit mense nie? Bring dit ons nie terug na die onderwerp van moed nie?

Die Jesus Christus van die Bybel is baie anders as wat die meeste mense – selfs die meeste belydende Christene – hulle voorstel. Hoeveel het die moed om hierdie waarskuwing te aanvaar van die Een wat hulle Here en Verlosser noem? “As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en

Londen Roep Ek is Ashurbanipal!

Deur Peter G. Nathan

Baie Europese stede bied aan besoekers die geleentheid om versamelings van oorblyfsels van vroeë beskawings te besigtig. Die Britse Museum in Londen is 'n goeie voorbeeld. 'n Uitstalling wat in Februarie 2019 ten einde geloop het, met die titel "Ek is *Ashurbanipal*: Koning van die Wêreld, Koning van Assirië", het aan 'n betowerde publiek, 'n indrukwekkende vonds van Assiriese skatte vertoon, wat hoofsaaklik in die negentiende eeu versamel is.

Die materiaal vir die uitstalling is hoofsaaklik verkry van die Britse Museum se groot versameling Assiriese artefakte asook van die Louvre in Parys en selfs 'n paar van so ver as Teheran. Die doel van die uitstalling was om die mag van koning Ashurbanipal en die burokratiese apparaat en militêre masjienwerktuie te beklemtoon wat hom in staat gestel het om oor soveel van die destyds bekende wêreld te heers. Die genadeloosheid van die Assiriese weermag, wat op die uitgebeitelde panele van die koning se paleismure uitgebeeld is, sou skokkend gewees het vir enigiemand wat opgevoed is met die humanistiese benaderings tot oorlogvoering, soos dit onder die Genève-konvensie ingestel is. Die wreedheid van die Assiriërs om teenstanders of vyande te

onderwerp, is 'n goed gedokumenteerde rekord van die geskiedenis. Hierdie panele is nie net 'n uitbeelding van Assiriese propaganda nie, maar 'n rekord van wat bedoel was om vrees in te boesem by diegene wat dit gesien het.

Terwyl ek hierdie uitstalling besoek het en in die sale van die Britse Museum rondgedwaal het en na soveel kalksteen reliëf en -snywerk gestaar het, het ek gevoel dat die lewe in die antieke Assiriese ryk 'n taamlik kleurlose visuele ervaring sou wees, met min kleur in die omgewing om te geniet. Die personeel van die museum het egter digitale uitbeeldings gebruik om te wys hoe die reliëfs in hulle oorspronklike kleure moes gelyk het en selfs die klein fragmente van pigment wat op die artefakte agtergebly het, het getuig van hoe kleurvol dit gelyk het voordat tyd en die weer hulle tol geëis het.

Waarom word die Bybel se rekord geïgnoreer?

Drie kwessies het dadelik by my opgekom toe ek na hierdie uitstalling gekyk het. Eerstens het die kurators van die versameling feitlik alle Bybelse verwysings geïgnoreer. Assirië was 'n leidende wêreldmag oor 'n lang tydperk, wat die leeftye van verskeie profete van die Ou Testament ingesluit het en die

koninkryk word duidelik in die bladsye van die Skrif beskryf as 'n groot wêreldryk en ook as teenstander van Israel en Juda. Die Bybelse profete Jesaja, Hosea en Nahum het gepraat oor die rol van Assirië se pogings om die wêreld en die menslike lot te beheer. Jesaja noem die meedoënlose krag van die Assiriese oorlogsmasjien (Jesaja 10:5-7; 37:10-13, 18) en die Bybelse rekord is uitstekend in ooreenstemming hiermee. Dit bied uitstekende bevestiging van die afbeeldings van Assirië se militêre mag wat uitgebeitel is op die paleis se muurpanele wat uitgestal is deur die museum. Selfs die verhaal van Jona, die profeet, is gebou rondom die tirannie van die Assiriërs, wie se hoofstad Ninevé was (Jona 1:2). Tog was daar in die museum se kamers en uitstillings slegs 'n terloopse verwysing na die Bybelse rekord en so is die Bybel stilgemaak. Kontrasteer dit met die praktyk van vorige generasies se kuratore van museums en personeel, wat boeke gepubliseer het wat die toepaslikheid van die artefakte met betrekking tot die Bybelse rekord aantoon. Waarom is een van die grootste geskiedkundige dokumente in die geskiedenis so verwaarloos op so 'n onregverdige wyse?

Soos Melanie McDonagh in haar oorsig van die uitstalling in

die *Evening Standard* geskryf het:

Vir enigiemand wat vertrou is met die Ou Testament is die name van die Elamiete, die Babiloniërs en die Kussiete bekend. Min kinders leer dit nou, dus is die effek van hierdie groot artefakte minder oorweldigend as vir die Victoriane wat hulle die eerste keer in die 1840's teëgekom het ("*I am Ashurbanipal reweiw: Legacy of Assyria's 'king of the world' gets extraordinary show at British Museum,*" 6 November 2018).

Die Ou Testament gaan eintlik verder as om net die name wat mev. McDonagh genoem het, op te teken. Die boek Génesis beskryf die oorsprong van die Assiriese Ryk asook die stede wat deur hulle gestig is (Génesis 10:10-12). Hierdie rekords was 'n integrale deel van die argeologiese soektogte wat in die negentiende eeu begin het. Trouens, as dit nie vir die Bybelse rekord van Assirië was nie, sou die onverskrokke en avontuurlustige soekers van die negentiende eeu nie na hierdie vergete ryk gesoek het nie en hierdie artefakte wat so effektief vertoon word, sou waarskynlik nie deel gewees het van die Britse Museum se erfenis nie.

Deur die Skrif bevestig

Tweedens, is dit die moeite werd om te noem dat onder die 26,000 gedenkplate wat in Ashurbanipal se biblioteek gevind is, daar 'n aantal is wat die geskiedenis

bevestig soos dit deur hierdie Bybelse verhale aangeteken is. Trouens, soos Josh McDowell in sy boek, *The New Evidence That Demands a Verdict*, opmerk: "Elke verwysing wat in die Ou Testament na 'n Assiriese koning verwys is korrek bewys" (1999-uitgawe, bl. 111). Natuurlik mag ons in ag neem dat die Assiriërs skynbaar slegs hulle suksesse aangeteken het en min of geen melding gemaak het van hulle mislukkings nie. Dus, toe die Assiriërs Jerusalem aangeval en hulle hele leër verloor het, soos dit in 2 Konings 18 en 19 beskryf word, het die Assiriese gedenkplate slegs gemeld: "Homself [met verwysing na koning Hiskia] het ek 'n gevangene in Jerusalem gemaak in sy koninklike woning soos 'n voël in 'n hok" (Pritchard James ed., *Ancient Near Eastern Texts Relating to the Old Testament*, 3^{de} uitgawe, 1969, bl. 287). Dit was 'n merkwaardige verklaring omdat die Assiriërs gewoonlik sou seker maak dat hulle die vyandige stad in totaliteit sou binnegaan en sy koning sou gevange neem. Die gedenkplate se rekord toon dat die Assiriërs in hierdie poging misluk het en

Dit bevestig die kern van die Bybelse weergawe.

Derdens fokus museums uit die aard van die saak op die verlede. Dit is versamelings wat gebaseer is op en gevorm is deur die opkoms van antropologiese studies wat deur die Bewusmaking verhaas word. Vervloë geslagte het 'n onversadigbare begeerte gehad om die oorsprong en identiteite van volke, antiek sowel as modern,

te verstaan.

Wat baie mense in vorige en in die huidige geslagte nie verstaan het nie, is dat Assirië ook 'n toekoms het wat nog onthul sal word!

Geskiedenis vooraf geskryf

Die grootheid van die Assiriese verlede, wat deur die kurators van die Britse Museum uitgebeeld word, was 'n onbewuste voorloper van wat voorlê en het 'n heilsame les gebied aan almal wat hierdie uitstalling besigtig het. In vorige uitgawes van die *Wêreld van Môre*-tydskrif en op ons *Tomorrow's World* televisieprogram, het ons Assirië se rol in die eindtydse scenario bespreek soos wat dit in die Bybel uiteengesit word – 'n scenario wat besig is om gestalte aan te neem reg voor ons oë en dit word in ons daaglikse nuus vertoon. Vir meer inligting oor hierdie toekomstige rol, besoek ons webwerf by *Tomorrows World.org* en kyk na die video "*The Lost Empire of Assyria*" of lees artikels soos "Herrysende Duitsland: 'n Vierde Reich?" [verkrygbaar as 'n herdrukte artikel] en "*Deutschland Über Alles!*" deur Douglas Winnail onderskeidelik in die September-Oktober 2008 en November-Desember 2015 tydskrifte onderskeidelik. U kan ook skryf om afskrifte aan te vra by een van ons streekkantore wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif gelys word.

Gedetailleerde resensies van die Britse Museum se uitstalling is aanlyn beskikbaar.

WvM

Vrae & Antwoorde

Wat is verkeerd met “prente van Jesus”?

VRAAG: Die *Wêreld van Môre*-tydskrif maak daarop aanspraak om 'n Christelike organisasie te wees. Ek nog nooit gesien dat dit enige foto's, kunswerke of grafiese kuns gebruik wat Jesus Christus uitbeeld nie, alhoewel baie ander godsdienstige publikasies dit wel doen. Waarom is dit so?

ANTWOORD: Alhoewel kunstenaars lank reeds Jesus Christus uitbeeld en voorstellings van Hom oorfloedig is in en rondom katedrale, kerke, kunsmuseums, literatuur, godsdienstige dokumente en in mense se huise is dit beslis *valse voorstellings*.

Geen eietydse prente van Jesus Christus bestaan nie en ook nie beskrywings van hoe Hy fisies gelyk het nie. Slegs een Ou Testamentiese Skrif het oor Sy aardse voorkoms geprofeteer, toe Jesaja lank voor Sy lewe van Hom as 'n mens geskryf het: “Hy het geen gestalte of heerlijkheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie” (Jesaja 53:2).

Kunstenaars het dwarsdeur die geskiedenis beelde van 'n “godsdienstige figuur” met lang hare, wit klere en 'n treurige uitdrukking op Sy gesig geproduseer – gewoonlik van die ras en fisiese gelaatstrekke wat in hulle tyd en kultuur bewonder was. Baie mense sluit ook heidense simbole in wat aan die belydende Christelike wêreld voorgestel is, lank na Jesus Christus se dood en opstanding.

Hierdie sogenaamde prente of standbeelde van Christus, bykomend tot die gewildmaking van die voorheen genoemde onjuisthede, beeld 'n man uit met sagte en vroulike eienskappe. As 'n jong timmerman wat buite gewerk het was Jesus se voorkoms egter ongetwyfeld baie manlik en sou Hy Sy hare gesny het volgens die gebruik van die meeste Joodse mans van daardie tyd. Een van Christus se latere Apostels het hom selfs uitgespreek teen mans met lang hare (1 Korintiërs 11:14). Hierdie getuigenis, gekombineer met die Skrif wat uit Jesaja 53:2 aangehaal is, laat ons verstaan dat Jesus 'n gewone Jood van Sy dag was en 'n mens sou Hom nie onder gewone omstandighede in 'n skare kon uitken nie. Inderdaad, by een geleentheid het Hy selfs van 'n skare ontsnap deur met die skare te meng (Lukas 4:28-30). Die feit dat die Evangelieskrywers nooit Sy aardse voorkoms in detail beskryf het nie, bevestig verder dat dit nie 'n saak van godsdienstige belang was nie.

Buitendien is daar baie goeie redes om Hom *nie* uit te beeld nie.

Jesus se ware eerste-eeuse volgeling en

sekerlik diegene onder die Jode regdeur die Romeinse Ryk, sou uitbeeldings van Hom as afgodediens veroordeel het. Dit sou gewees het as gevolg van hulle begrip van die tweede Gebod, wat Jesus Self beveel het, om saam met die ander nege onderhou te word (Exodus 20:4-6; Matthéüs 19:17; Sien ook Openbaring 12:17; 14:12). Die uiteindelijke ontwikkeling van die gebruik van beelde van Jesus Christus of van God die Vader was baie omstrede, maar weerstand het onder die druk van heidense idees en menslike verbeelding geswig. Nietemin staan die Gebod teen afgodediens en “gesnede beelde” nog steeds.

'n Deel van die oortreding van God se duidelike Gebod teen afgodediens, is die ydele daad om gebruik te maak van ons beperkte menslike vermoëns om uit te beeld hoe ons “dink” ons God en Verlosser behoort te lyk. Dit kan daartoe lei dat ons op verkeerde en onware idees fokus. Miskien is dit die rede waarom so baie van die *valse voorstellings*, Jesus uitbeeld as deel van die ras van die kunstenaar self – 'n onsinnigheid, hoe onskuldig dit ookal bedoel is, wat op sy beurt dien om ontelbare mense oor die geslagte heen te verwar.

Ongeag al die redenasie, sou selfs 'n nederige prentjie van 'n Joodse timmerman slegs die aandag vestig op Sy aardse liggaam wat bestem was vir verskriklike verminking en dood. Die Bybel se beskrywing van die *verheerlikte en opgestane* Jesus Christus spreek van 'n kragtige figuur wat die verbeelding te bowe gaan: “Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam ... sy stem soos die stem van baie waters ... en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag” (Openbaring 1:14-16).

As gevolg van die duidelike opdrag van die tweede Gebod en ons fokus op die lewering van die *boodschap* van Jesus Christus, ons Verlosser, wat binnekort sal terugkeer as die verheerlikte Koning van die konings, vermy die *Wêreld van Môre*-tydskrif die lokval van die aanbidding van die “kunste”. In werklikheid is die Jesus waarmee so baie mense bekend is dus vals. Waarom sou ons tevrede wees met enigiets minder as om eendag ons God en Verlosser persoonlik te sien? **WvM**

Gekruide taal

Deur Dexter B. Wakefield

Aanstootlike taal – die eerste uitweg van die ongeletterde persoon. Tog is ons in die middel van 'n gekruide taal-epidemie. Die gebruik van growwe taal in algemene gesprekke het van die skeepsverf na televisienuus verskuif en dit het die nuwe “normaal” geword. In die verlede sou mens soms hoor dat 'n president partymaal 'n bietjie “gekruide” taal in die openbaar gebruik. Vandag bemors prominente politieke figure egter hulle toesprake met onwelvoeglikhede wat nooit voorheen in die openbaar uitgespreek sou word nie.

Rolprente en TV-programme peper die kyker met onsmaklike verwysings en “vierletter woorde” asof sulke taal alledaags behoort te wees. Die media “poleer” dikwels growwe besprekings om dit “cool” en selfs gesofistikeerd te laat lyk. Dit is 'n standaard gebruik op laataand-televisie en die platvloerse aanbieders is dikwels die gewilde groep. Ordentlikheid word afgekraak.

Vir eeue lank het individue hier en daar kragwoorde en onbetaamlike taal in hulle toesprake en gesprekvoering gebruik om klem te plaas op hulle uitsprake. Alhoewel enigiemand kan kies om onwelvoeglike taal te gebruik, doen die beste sprekers dit selde, behalwe in 'n toevallige onbewaakte oomblik. Diegene

wat oor 'n goeie woordeskat en skerp verstand beskik, vermy dit omdat hulle taalvaardighede heeltal volvoende sonder enige kragwoorde is.

Nie almal wat na onwelvoeglike taal luister dink dit is “cool” nie en in werklikheid dink baie mense dit is nie. Mense mag verdraagsaam luister, maar wat hulle dink, word waarskynlik nie opgemerk deur die spreker nie. Hulle kan dit afstootlik vind en ongemaklik voel, maar stil bly en is onwillig om die spreker daarvoor te konfronteer. Intussen is hulle opinie van die platvloerse persoon na die maan: Kru taal, growwe persoon. Trouens, wie wil regtig toelaat dat hulle ore beledig word deur vloektaal wat godslastering, ontlasting en hoerery insluit?

Wat van die luisteraar?

Sommige vroulike skrywers beskou die gebruik van liederlike woorde as die vertoon van manlike mag en beweer dat daar 'n “dubbele standaard” vir die gebruik van kragwoorde is. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat *alle* vroue net so platvloers soos *sommige* mans behoort te wees. 'n Skrywer van 'n prominente vrouetydskrif beweer (vloekwoorde uitgelaat):

Vloektaal is kragtig ... gekruide taal trek aandag en in sommige opsigte verdien dit selfs

'n mate van respek. Navorsing toon byvoorbeeld dat vloektaal beskou word as 'n teken van opregtheid, eerlikheid en toewyding. Maar – en dit is 'n groot maar – dit werk verseker net indien dit 'n man is. Indien dit 'n vrou is? Vloek is die wapen wat dalk net mag boemerang (E. Byrn, “*There's a Swearing Double Standard – and Women Can Change It,*” (*Elle*, 21 Maart 2018).

Dit lyk nie of die skryfster beseft dat aanstootlike taalgebruik vir mans sowel as vir vroue kan boemerang nie. Dit is 'n *gelyke geleentheid om aanstoot te gee* en sprekers – mans sowel as vrouens – behoort nie net hulle eie behoeftes in ag te neem nie, maar ook die ore van die luisteraar.

Hierdie lang aanhaling kan baat vind by 'n bietjie woordontleding. Neem die volgende in ag: “Vloektaal is kragtig ...” Dit is waar, mense gebruik dit beslis om krag aan hulle stellings te gee en dit is al vir eeue lank die geval. Soos ons egter opgemerk het, is dit aanstootlik vir baie luisteraars en projekteer dikwels 'n swak humorsin eerder as spitsvondigheid. Wat van “Gekruide taal trek aandag ...”?

Verseker, **negatiewe** aandag. Gebruik liederlike taal en mense sal u raaksien. Ongelukkig, indien u hierdie soort taal nodig het om aandag te trek, sal baie mense dink dat dit te wyte is aan 'n gebrek in u vermoë om aandag te trek daarsonder. Is dit waar dat “in sommige kontekste sulke growwe taalgebruik selfs 'n mate van respek verdien”? Dit mag so wees in 'n platvloerse omgewing indien die werkers, manlik sowel as vroulik, daaraan gewoond is. Deesdae kan dit sekerlik 'n paar “elite”-kringe insluit. Dit is egter eenvoudig nie deel van die meeste sake-omgewings en professionele kulture nie en niemand wil dit hoor nie. Enige persoon wat dit nodig vind om na 'n aanstootlike tirade oor te skakel om te begin om “opregtheid, eerlikheid en toewyding” oor te dra, sal waarskynlik op sy beste as verbaal gestremd beskou word.

Sommige sielkundiges ondersteun die idee dat vulgêre taal sielkundig voordelig vir die spreker is. Dit is debatteerbaar, maar dit is beslis nie voordelig vir die arme luisteraar wat gedwing word om die selfsugtige vermetelheid van die spreker te verdra nie. *'n Vuil mond skep onwillige ore.*

Aanstootlike taalgebruik mag dalk “magtig” lyk vir die gebruikers daarvan en die mense wat dit verdedig, maar een persoon se bemagtiging is 'n ander persoon se intimidasie en mense gebruik dikwels liederlike

taal vir presies daardie rede. Diegene wat kragwoorde laat uitborrel, probeer dikwels om ander mense te beheer met wat hulle dink intimiderende taal is. Hulle gehoor kan egter sodanige beheer verwerp.

Deesdae het onbeskofte mense soms hulle verdedigers, maar wie sal voerspraak maak vir die moeë ore van die misbruikte luisteraars? Daar is baie raad oor hierdie onderwerp. U kan byvoorbeeld die onbeskofte mense wat vuil taal gebruik kalm konfronteer deur hulle te laat weet hoe u voel. Dit kan werk as sprekers hulle dalk misgis het en gedink het hulle taal is aanvaarbaar in hulle huidige geselskap. Indien diegene wat sulke onwelvoeglike taal gebruik, nie oop is vir teregwyding nie en nie bereid is om te verander nie, kan u hulle eenvoudig vermy. Deur kalm om te draai en weg te loop, kan u sulke mense laat agterkom dat u hulle taal afstootlik gevind het.

'n Wyse waarneming van lank gelede

Die apostel Jakobus skryf: “Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil. Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand” (Jakobus 3:4-5). Jakobus beveel aan: “Moenie dat jou tong

jou liggaam oorheers nie”!

Hy gaan voort met 'n waarneming wat sal aanklank vind by vandag se vloektaal-geteisterde luisteraars wat die samelewing se platvloersheid nie heeltemal kan vermy nie: “Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie? So kan geen fontein brak en vars water voortbring nie” (verse 10-12).

Jesus sê: “Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart goeie dinge te voorskyn, en die slegte mens bring uit die slegte skat slegte dinge te voorskyn. Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word” (Matthéüs 12:35-37). Selfs as die aanstootlike taalgebruiker nie omgee vir wat Jesus gesê het nie, sal die menings van ander mense dalk 'n effek hê.

Is dit wat uit u mond uitvloei soos vars water of is dit bitter vir die luisteraar? Wat sal ander mense verstaan van die verstand en die hart waaruit u woorde ontstaan? Wat sou Jesus dink van u woorde? **W.V.M.**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Vervolg vanaf bladsy 15 – Is u gereed vir die volgende reuse sprong?

daarvan berei ons voor deur te leer om God lief te hê. Selfs die armes van hierdie wêreld word voorberei om die heelal te beërf indien hulle leer om God lief te hê. Hoe leer ons om God lief te hê? “Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooië bewaar; en sy gebooië is nie swaar nie” (1 Johannes 5:3).

Nee, God se Gebooië is nie swaar nie! Christene wat hulle van hulle sondes bekeer, die ware doop aanvaar en die Heilige Gees ontvang, het die inwonende krag om hulle te help

om God te gehoorsaam en geniet vandag 'n voorsmakie van wat die res van die mensdom eers in die toekoms sal beleef. Indien u voel dat God u dalk roep, wil ek by u aanspoor om een van ons *Wêreld van Môre*-vertegenwoordigers te kontak by u naaste streekkantoor, soos verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif. Hulle sal u vrae graag beantwoord of u op u versoek selfs ontmoet.

Het die ervaring om op die maan te loop, die lewens van die mans verander wat daarheen

gegaan het? Hulle reis was sonder twyfel 'n ontsagwekkende en verootmoedigende ervaring wat aan hulle 'n nuwe perspektief op die lewe gegee het. Dit was egter 'n kort ervaring voordat hulle weer na die aarde en al sy probleme teruggekeer het. Indien u egter 'n dissipel van Jesus Christus is, berei God u nou voor om 'n “reuse sprong” te neem wat veel meer as die aarde en meer as die maan sal insluit. Hy berei u voor om die heelal te beërwe! **WvM**

U uiteindelijke lotsbestemming

Hoekom is spesifiek ú gebore? Hoekom laat God toe dat selfs toegewyde Christene vir jare en dekades beproef en vervolg word? Hoekom is dit so belangrik dat ons die sonde moet oorwin? Wat is die mens se ongelooflike DOEL op hierdie aarde?

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoorde op hierdie vrae te kry!

Vervolg vanaf bladsy 20 – 'n Andersoortige dapperheid

vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewens, kan hy my dissipel nie wees nie” (Lukas 14:26).

Prakties kom dit daarop neer dat elkeen van ons bereid moet wees om Jesus en Sy leerstellings bo alles in die lewe te stel, wat beteken dat ons die moed sal hê om stroomop teen die gety van populêre tradisies te swem. Hoeveel mense verstaan die heidense oorsprong van baie godsdienstige praktiese, maar weens familie, vriende en werk, weier hulle om te verander sodat hulle nie dalk beskou word as vreemd en

buitengewoon nie? Om 'n mens se man te staan teen die state van Colorado of Washington? Dalk nog om op te staan teen familie en vriende? Dit kan beslis moeiliker wees.

Die Christelikheid wat Jesus ons geleer het, vereis 'n soort moedigheid wat vandag baie skaars is. Dit verg moed om die konflikte wat ontstaan wanneer ons standpunt inneem, te weerstaan. Soos Jesus ons waarsku: “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. Want Ek het

gekom om tweedrag te verwek tussen 'n man en sy vader, en tussen 'n dogter en haar moeder, en 'n skoonogter en haar skoonmoeder. En 'n mens se huisgenote sal sy vyande wees. Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie” (Matthéüs 10:34-37).

U het seker al die vraag gehoor, “Is jy 'n man of 'n muis?” Te dikwels kom die antwoord terug, “Gee die kaas aan”.

Wel, wat sal dit vir u wees – cheddar, gouda of manmoedigheid? **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

van mak lammers (Daniël 2 en 7, Openbaring 13 en 17). Roosevelt het die gevaar daarvan voorsien en Kagan het ingesien dat ons, op enige gegewe tyd, net 'n paar tree weg van 'n ander Hitler is. Al wat nodig is, is dat die geleentheid hom voordoen, aangesien daar nooit 'n tekort aan aspirant-diktators in die wêreld is nie. Slegs omstandighede verhoed dat hulle beheer oorneem. Wanneer toestande in die wêreld verval, sal een of meer van hulle weer wêreldwye verwoesting veroorsaak.

Die V.S. het hulleself geïsoleer in die jare tussen die twee wêreldoorloë. Amerikaners het gedink dat wat in 'n ander deel van die wêreld gebeur, nie 'n bedreiging vir 'n volk inhou wat deur twee oseane omring is en twee vreedsame bure het nie. “Laat die gekke in Europa en Asië hulle eie probleme oplos!” Natuurlik het dit alles op 'n Desember-oggend in 1941 verander. Voor die tyd was die skrif al aan die muur vir *diegene wat gewillig was om dit raak te sien*, maar baie Amerikaners was so gerus soos die spreekwoordelike paddas in warm water en het die naderende gevaar nie ingesien nie – totdat die Japanese weermag Pearl Harbor aangeval het.

Vandag is Amerika weereens besig om hulle af te sonder. “Amerika Eerste” klink goed vir baie mense, gegewe die probleme wat Amerika se internasionale betrokkenheid tuis veroorsaak het. Kagan gaan van die veronderstelling uit dat, in 'n wêreld sonder 'n polisieman, hoe vol gebreke dit ookal mag wees, *sal* die oerwoud egter terug groei en hy is nie alleen nie. 'n Baie meer betroubare Bron – die Bybel – stem saam. Dit beskryf 'n komende tyd van verdrukking, soos nog nooit tevore gesien is nie. Dit wys op die tekens van daardie tyd en ons sien reeds baie daarvan rondom ons!

Daniël het geskryf dat “die tyd van die einde” deur massavervoer en 'n kennisontploffing gekenmerk sal word (Daniël 12:4). Jesus waarsku ons: “Want daar sal groot verdrukking wees” en sonder God se ingryping “sou geen vlees gered word nie” (Matthéüs 24:21-22). Tot die laaste helfte van die vorige eeu het die mensdom nie wapens van wêreldwye massavernietiging gehad wat sulke verskriklike tye moontlik sou kon maak nie (vgl.

Openbaring 9). Sagaría skryf dat in die eindtyd, die Jode in Jerusalem sal wees “tot 'n baie swaar klip vir al die volke” (Sagaría 12:2-3). Hierdie profesie kon eers vervul word ná die stigting van die Joodse staat in 1948 en nadat die Jode in die Sesdaagse Oorlog in 1967 beheer oor die hele Jerusalem verkry het. Ten spyte van lofwaardige pogings om vrede en harmonie na te streef, *sal* die Joodse volk deur hulle bure gehaat word en Jerusalem *sal* 'n verdeelde stad wees (Sagaría 14:1-2). Wat die morele toestand van ons wêreld betref, beskryf die Bybel dit as Sodom en Gomorra – stede wat bekend was vanweë hulle oorgawe aan abnormale en vulgêre seksuele praktyke (Jesaja 1:10; Génesis 19).

Geleidelik, toe skielik

Die wêreldorde soos ons dit vir die laaste 75 jaar geken het, is besig om ten gronde te gaan. Dink byvoorbeeld aan die Britse uittrede uit die Europese Unie, 'n liggaam wat reeds ekonomies en polities in 'n krisis is. Daar is 'n opkoms van regse groepe in Hongarye, Pole en Italië. Die V.S. oefen druk uit op Duitsland en Europa om hulle militêre besteding te verhoog – iets wat die laaste twee keer nie baie goed vir die wêreld uitgewerk het nie. Die regse nasionalistiese Alternatief vir Duitsland (AfD) is nou die derde grootste politieke party in Duitsland. Nasies sonder hulle af en hierdie tendens is nie meer die uitsondering nie, maar word toonaangewend. Waarheen lei dit?

Die Bybel voorspel dat 'n herrese “dier”-moonheid in Europa sal opstaan. (Lees meer hieroor in ons boekie, *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of werklikheid?*) Die einde van hierdie tydperk sal skielik en (vir die meeste mense) onverwags kom, maar *diegene wat waaksaam* is, sal nie onverhoeds betrap word nie (1 Thessalonicense 5:1-4). Ons wêreld raak “geleidelik” sedelik en finansiële bankrot – die “skielik” sal kort daarna volg. Hoeveel van ons sal die wedervarings van die 1930's-generasie in herinnering roep? Die geskiedskrywer Kagan, het opgemerk (soos ek in die vorige uitgawe van hierdie tydskrif aangehaal het): “[O]ns het nou vergeet dat wanneer dinge begin verkeerd gaan,

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

hulle baie vinnig baie verkeerd kan gaan, dat ás 'n wêreldorde eers ineenstort, die slegste eienskappe van die mensdom na vore tree en amok maak”.

Jesus het ons gewaarsku om uit die gelykenis van die vyeboom te leer dat die einde naby sal wees wanneer ons sekere gebeurtenisse sien plaasvind (Lukas 21:29-36). Die apostel Paulus waarsku ons almal: “En dit te meer, omdat ons die

tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het” (Romeine 13:11). Is u wakker en gereed?



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**